Teoreties word vir optimale beskerming vereis dat die induktansie van enige sisteem van beskermende drade so laag as moontlik moet wees terwyl die pype self 'n groot weerstand moet hê; hierdie weerstand is hoofsaaklik te wyte aan die neopreen-rubberverbindings tussen die pylplengtes. Gedurende 'n ontleding sal 'n gedeelte van die weerligstroom deur die grond in die onmiddellike omgewing van die pyp vloei. Die verdeling van die stroom tussen die grond en die pyp is moeilik om te voorspel weens die groot variasies in grondweerstand oor betreklik kort afstande. Na ondersoek is aanbeveel dat vyf beskermende drade geïnstalleer moet word; drie bo, en twee onder die pyp. Die drade word op gelyke afstande met mekaar verbind. Daar word verwag dat hierdie maaatreëls in gebiede waar die grond 'n redelik lae weerstand het, voldoende beskerming sal bied. Waar die pyproete oor vaste rots gaan sal die grondgeleiding na verwagting geen belangrike rol speel nie en is daar 'n wesenlike gevaar dat die pyp beskdig sal word. In sulke gevalle is verbindingspunte aan die staalbewapening van dié pylplengtes wat by die ingang en uitgang van die gedeelte geleë is, aangebring en deur middel van 'n geïsoleerde kabel verbind. 'n Laespanningsweerlig-aflaier is in serie met die kabel geplaas om elektrolitiese korrosie van die bewapeningstaal in die pype te voorkom. Ingeval oormatige weerligstrome in die pypwand vloei, sal die potensiaal wat oor die oorbrugte pylplengtes ontwikkel gou die deurslagspanning van die weerligafleier oorskry, en sodoende 'n bykomende lae-impedansiebaan inskakel. Ongeveer vier myl van die pyp is reeds 'n paar maande lank in gebruik en gedurende hierdie tydperk het minstens een weerligontleding digby die pyp plaasgevind sonder dat skade veroorsaak is.

Daar word beoog om met behulp van toerusting van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde die stroompulsvormoë van die pyp te bepaal. Verder sal ook waarnemings van weerligstrome wat in die pyp en die beskermingstelsel vloei, gemaak word.

## 2. Aardingsprobleme

Die grondresistiwiteit wat in sommige gebiede van Suid-Afrika voorkom is waarskynlik van die hoogstes in enige industriële gebied van die wêreld. Redes hiervoor is onder andere die algemene voorkoms van granitiese grond en sandveld, asook die droë winterklimaat en die betreklik langdurige droogtes wat van tyd tot tyd oor groot gedeeltes van die land ondervind word. Dié toestande verskil heeltemaal van dié wat in Europa heers waar reën meer egalig oor die jaar versprei is.

Vir doeltreffende werking van weerligbeskermingsmiddels, soos bogronde aarddrade, is 'n lae aardingsweerstand noodsaaklik. Die eerste donderstorms vroeg in die seisoen wanneer die grond op sy droogste is en die aardingsweerstande

dan hul hoogste waarde het skep dus buitengewone probleme. Daar is ook aanduidings dat 'n groter persentasie wolk-tot-grond-weerligontladings vroeg in die seisoen voorkom.

'n Ander probleem wat in verband met elektrisiteitsverspreiding voorkom is waar 'n kragdraad breek en op die grond val en waar weens die hoë grondresistiwiteit, onvoldoende stroom vloei om die aardfoutbeskermingsisteme in werking te bring. In hierdie geval bly die lyn onder spanning en is 'n bron van gevaar. Elektrisiteitsvoorsieningsondernemings het natuurlik reeds geleer om met hierdie probleem saam te leef en hulle sake dienoreenkomstig te reël. As gevolg van talryke versoeke het die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad 'n projek onderneem om hierdie moeilike maar belangrike probleem te ondersoek.

Dit skyn byvoorbeeld wenslik te wees om die grondresistiwiteitswaardes van minstens die ontwikkelende gebiede van Suid-Afrika te karteer, met inagneming van die invloed van vog op die verskillende grondtipes. (7, 8) Dit is naamlik noodsaaklik in die beplanning van kraglynroetes dat die slegste aardings toestande wat as gevolg van seisoensvariasies kan optree, inagneneem word.

As eerste stap in hierdie rigting word 'n eksperimentele oorsig onderneem van bestaande instrumentasie en metodes om grondresistiwiteit en voginhoud te bepaal. Wanneer metings in grond met hoë resistiwiteit gedoen word, dit dit van besondere belang dat die keuse van meetinstrumente sorgvuldig oorweeg word, aangesien resultate ernstig beïnvloed kan word. Daar is byvoorbeeld gevind dat met die gebruik van 'n welbekende maak van instrument, waardes verkry is wat minstens 50 persent te hoog was omdat die instrument gebruik is onder toestande wat klaarblyklik nie gedurende die ontwerp voorsien was nie.

Wanneer 'n opname langs 'n roete gemaak word, kan groot skommelings in resistiwiteitswaardes verwag word, nie alleen as gevolg van variasies van die voginhoud nie, maar ook as gevolg van die baie verskillende grondtipes. Die verhouding tussen resistiwiteit en voginhoud van die grond vir metings elke 1,000 vt. oor 'n roete van 28 myl word in Fig. 6 getoon. Metings van die voginhoud is op 'n diepte van 3 voet gedoen en die resistiwiteitsmetings met 'n elektrodespasiering van 10 vt. Die ontleding het getoon dat, soos verwag, daar wel 'n korrelasie tussen voginhoud en resistiwiteit bestaan. Verder is egter gevind dat vir 'n gegewe voginhoud die resistiwiteitswaardes met soveel as 1000 : 1 kan varieer. Hierdie groot bereik van waardes is duidelik nie van direkte praktiese nut nie, maar daar word verwag dat met grondtipe-klassifikasie hierdie variësie baie kleiner gemaak kan word. Hierdie verwagting word versterk deur resultate wat oor 'n korter roete van 6 myl in 'n ander omgewing verkry is. (sien Fig. 6). Daarby word verwag dat die korrelasie verder sal verhoog as die gemiddelde voginhoud van dieselfde volume grond bepaal word as wat deur die meting van die resistiwiteit gedek is. Hierdie was nie die geval met die metings wat in Fig. 6 aangegee word nie.

Met verwysing na die voorgaande is dit duidelik dat die meting van die voginhoud ter plaatse van groot belang is en verskeie meetmetodes word tans ondersoek, veral met die oog




Fig. 6. Verband tussen resistiwiteit (10 vt. diepte) en voggehalte (3 vt. diepte) van grond.

op beter toepasbaarheid in die praktyk. Tot op datum is veral twee metodes wat van kommersieel beskikbare toerusting gebruik maak, getoets. Vir die eerste metode word 'n klein grondmonster vanaf die verlangde diepte verkry deur 'n pyp in die grond te slaan. 'n Bepaalde gewig van die monster word dan met kalsiumkarbid in 'n drukhouer wat met 'n drukmeter toegerus is, gemeng. Die gasdruk wat opgebou word as gevolg van die chemiese reaksie tussen die kalsiumkarbid en die vrye water is direk eweredig aan die persentasie vog van die grondmonster. Die metode bepaal die voginhoud as 'n persentasie op 'n gewigsbasis en het 'n noukeurigheid van beter as 10%. Hierdie metode het die besliste voordeel dat dit eenvoudig en vinnig is om te gebruik, maar die nadeel dat dit onprakties word as monsters vanaf 'n diepte van meer as 3 voet verkry moet word, tensy 'n geskikte boor ontwerp kan word om die grondmonsters te verkry.

Tiptiese voorbeelde van variasies van voginhoud op verskillende dieptes, soos deur hierdie metode bepaal, word in Fig. 7 getoon. Hierdie waarnemings toon duidelik dat die voginhoud aansienlik verander gedurende die verloop van 'n jaar, en dat dit in hierdie besondere geval konsekwent hoër op groter dieptes was. Hierdie is een van die vernaamste faktore wat metings van resistiwiteit met behulp van stroom- en potensiaalelektrodes beïnvloed, en beklemtoon weerrens dat vir akkurate resistiwiteitsmetings dit noodsaaklik is om die grond nie as 'n homogene medium te beskou nie, maar as bestaande uit lae van verskillende resistiwiteite. (9)

'n Ander metode wat gebruik word om seisoensveranderings van voginhoud te bepaal, maak gebruik van vogabsorberende gipsblokkies waarin elektrodes geplaas is. (10) Die weerstand tussen die elektrodes varieer met die voginhoud van die blokkie, wat weer 'n maat is van die voginhoud van die grond waarin die blokkies begrawe is. In praktyk is gevind dat die oorgang van hoër na lae weerstand, as gevolg van 'n toename in die voginhoud, oor 'n baie klein bereik van vogverandering plaasvind. Dit maak die metode onprakties tensy dit alleenlik gebruik word om aan te dui of die voginhoud




Fig. 7. Verandering van voggehalte van grond op drie dieptes oor 'n periode van 14 maande (Toetsstasie No. 1).



groter of kleiner as 'n kritiese waarde is. Verder kan verwag word dat die kritiese oorgangswaarde sal afhang van die tipe grond waarin die blokkie gebruik word. Dit is egter 'n baie bruikbare metode om die aanwesigheid of afwesigheid van vogtigheid in betreklik ontoganklike plekke, soos byvoorbeeld onder huise of geboue, vas te stel.

'n Verdere eksperiment van belang mag wees, staan in verband met 'n aardingsstelsel wat uit koperdrade met 'n deursnit van 0.025 vk. duim bestaan, on der die fondamēt van 'n woonhuis te Pretoria ingebou is. Die geleier is onder die fondamēt van die buitemure en oor die breedte van die huis begrawe, en het 'n totale lengte van 233 voet. 'n Gipsblokkie is in 'n sentrale posisie onder die gebou geplaas, en 'n tweede blokkie weg van die huis maar op dieselfde diepte, ten einde verglykende metings van die vog onder en weg van die huis te maak. Metings van die weerstand van die aardingsstelsel, die voginhoud en resistiwiteit van die grond is gereeld sedert die aanvang van die bouwerk gedoen, en die resultate tot op datum word in Fig. 8 getoon. Die invloed van die begin van die reënseisoen kan duidelik gesien word.

Die oogmerk van hierdie studie is om te bepaal of hierdie aardingsmetode doeltreffender en meer ekonomies is as byvoorbeeld die installering van 'n bykomende kontinue aardeleier in die laespanningsverspreidingsnetwerk, veral as geen ander




Fig. 8. Veranderinge van aardingsweerstand, voginhoud en resistiwiteit van grond en gipsblokkiesings by 'n woonhuis.

bevreidende aardingsstelsel beskikbaar is nie. In hierdie besondere geval is 'n bogronde staal aardkabel geïnstalleer, en daarby is hierdie aardingsstelsel ook aan die waterleidingstelsel, wat uit staalpipe bestaan, verbind. Die weerstand van hierdie aardingsstelsel was ongeveer 3 tot 4ohm. Alhoewel die fundamentaardingsstelsel 'n hoër aardingsweerstand het, ongeveer 7 ohm, bestaan die moontlikheid egter dat die weerstand vir 'n langer tyd 'n lae waarde sal behou na 'n reënseisoen weens die feit dat die vogtigheid onder die huis langer sal voortduur as in die grond weg van die gebou. Toetse wat vroeër deur die Nasionale Bounavorsingsinstituut van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad uitgevoer is, toon byvoorbeeld dat water van onder 'n beskermende oppervlakte uit, baie langamer beweeg as in die teenoorgestelde rigting. (11)

Ander aardingsprobleme wat nog ondersoek moet word, sluit die relatiewe doeltreffendheid van verskillende aardings-elektrodes soos aardmatte, roosters, aardpene en ander bekende konfigurasies in, veral waar die grondweerstand hoog of veranderlik is. Die uitwerking van hoër aardfoutstrome op die aardingsweerstand, veral as gevolg van die maontlike verandering van voginhoud in die onmiddellike omgewing, behoort ook ondersoek te word.

### 3. Termiese Geleiding van Grond

Om kragkabels wat direk in die grond gelê word ten volle te benut is dit nodig om die termiese geleidingsenskappe van die grond self te weet. Die termiese eienskappe van die grond is weer nou verbonde aan die grondpore, graad van kompaktheid en voginhoud. Daar moet ook onthou word dat toestande in Suid-Afrika grotendeels van dié in, byvoorbeeld die Verenigde Koninkryk verskil, en dus bestaan daar 'n behoefte om meer gegewens oor die werklike plaaslike toestande te bekom, of alternatief eenvoudige en goedkoop meetinstrumente beskikbaar te hê. As die termiese geleidingsvermoë onbekend is, bestaan daar die gevaar dat die kabelgrootte wat vir 'n besondere doel spesifiseer word te klein mag wees. Andersins weer word die veilige weg gevolg en word kabels wat groter as nodig is, gebruik wat weer 'n aansienlik groter kapitaalkoste beteken.

'n Verbeterde model van die welbekende sonde (12) wat vir die meting van termiese geleidingsvermoë gebruik word, is plaaslik ontwikkel. Die nuwe sonde bestaan uit 'n pyp met 'n deursnit van 6 mm en 'n lengte van 90 cm met verhittelemente en halfgeleier-diodes vir die temperatuurmeting oor 'n afstand van 38 cm. Die sonde kry 'n konstante kraginset, en die temperatuurverhoging word as 'n funksie van die tyd gemeet.

Aanvanklik is die temperatuurstyging betreklik vinnig weens die plaaslike invloed van die metaal waaruit die sonde bestaan, maar daarna word die styging 'n logaritmiese funksie van tyd soos weergee in die volgende vergelyking:

$$T_2 - T_1 = g \frac{P}{4\pi} \ln \frac{t_2}{t_1}$$

waar  $T_1$  en  $T_2$  die temperatuur van die sonde in °C na verloop van  $t_1$  en  $t_2$  sekondes onderskeidelik is;  $P$  is die kragin-




Fig. 9. Foto van apparaat vir die meet van termiese resistiwiteit.




Fig. 10. Tipiese opnames van termiese resistiwiteit.

set in watt per cm lengte van die sonde;  $g$  is die termiese resistiwiteit in  $^{\circ}\text{C}$  per watt;

Hieruit volg dat 'n kromme van temperatuurverhoging ( $T_s - T_1$ ) vs. tyd op 'n logaritmiëse skaal 'n reguit lyn gee waarvan die helling by vaste kraginset eweredig aan die termiese resistiwiteit is.

'n Standaard T-Y-registreeerder is gewysig om 'n logaritmiëse tydbasis te verskaf vir die registrering van die temperatuurstyging van die sonde. Die helling van die finale gedeelte van die grafiek kan maklik bepaal word en verskaf direk 'n waarde van die termiese resistiwiteit. Die apparaat word in Fig. 9 getoon, en 'n tipiese opname in Fig. 10.

Omdat die termiese resistiwiteit van die grond met 'n toename in beide die voginhoud, asook die digtheid afneem, is 'n studie van hierdie parameters nodig ten einde die seisoensvariasie in ag te neem. Hierdie studie word uitgevoer deur weekliks waarnemings by agt toetsplekke in verskillende grondtipes te maak.




Fig. 11. Verandering van die termiese resistiwiteit van grond by drie toetsstasies oor 'n periode van ses maande, vergelyk met die ontwerpwaarde normaalweg in gebruik.

Termiese resistiwiteit soos op drie verskillende plekke oor 'n periode van 6 maande waargeneem, word in Fig. 11 getoon. Die waarnemings verteenwoordig toestande vanaf droog tot nat. Die waarde van  $g = 120^{\circ}\text{C}$  cm per watt wat algemeen gebruik word wanneer spesifieke gegewens ontbreek, is ingeteken ten einde die groot afwykings vanaf hierdie waarde te illustreer. Teen verwagting in toon hierdie krommes, asook dié wat vir ander toetsplekke verkry is, 'n toename in die termiese resistiwiteit nadat die somerreeën begin het, en dié oënskynlike anomalie moet nog ondersoek word.

In 'n latere referaat sal 'n meer volledige ontleding van die gegewens wat tot op datum versamel is, bespreek word; op hierdie stadium is dit voldoende om te noem dat geskikte instrumentasie, vir vinnige en gerieflike meting van termiese eienskappe van grond onder lokale toestande, binnekort beskikbaar sal wees. Na verwagting sal na afloop van die projek ook voldoende gegewens beskikbaar wees om korreksies vir seisoensveranderings van die voginhoud vir verskeie grondtipes te kan maak.

#### 4. Hoogspanningsnavorsing

##### (a) Hoogspanningsfasiliteite

In vergelyking met die meer gevestigde lande was en bly die groeitempo van die elektrisiteitsvoorsieningsnywerheid in Suid-Afrika nog steeds fenomenaal. Die ingebruikneming van 400 kV-transmissielyste op groot skaal oor die volgende tien jaar is 'n duidelike teken van die vordering en hoë standaard wat reeds bereik is. Andersyds vind 'n groot gedeelte van hierdie ontwikkeling plaas onder omstandighede wat nérens anders sy gelyke het nie; daar is byvoorbeeld min ander intensiewe nywerheidskomplekse vergelykbaar in grootte met dié in die Transvaal wat in 'n gebied lê waar hoë weerligintensiteit, hoë hoogte bo seevlak en betreklike swak grondtoestande gesamentlik voorkom. Nog 'n voorbeeld van die buitengewone omstandighede is die baie groot afstande in die Republiek tussen vragentra, gepaardgaande met die probleem van kragverspreiding in betreklik uitgestrekte en dunbevolkte platte-landse gebiede tussenin.

Navorsingsfasiliteite behoort dus voorsien te word wat met die uitbreiding van elektrisiteitsvoorsiening tred kan hou sodat so veel inligting as moontlik met betrekking tot plaaslike bedryfsomstandighede versamel kan word waarop toekomstige beplanning en ontwerp kan steun. Dit beteken onder andere dat 'n hoogspanningslaboratorium daargestel moet word wat ondersoek in verband met probleme by spannings, selfs hoër as die wat vir die Republiek binne die volgende dekade oorweeg word, moontlik sal maak. Die nodige navorsingspersoneel, wat 'n spesiale opleiding in hoogspanningsmeet-egniek ondergaan het, sal ook verkry moet word.

Die eerste stap in hierdie rigting is reeds geneem deur die totstandbrenging van 'n hoogspannings-koördineringskomitee, wat op 'n vrywillige basis optree en uit verteenwoordigers van belanghebbende organisasies bestaan. Hierdie komitee het die spesifieke taak om 'n oorsig van bestaande fasiliteite en navorsingsprojekte te verkry en gedurende die loop van hierdie jaar aanbevelings te maak in verband met toekomstige beplanning.

Daar word verwag dat op hierdie wyse ten volle gebruik gemaak kan word van die navorsingskragte en -fasiliteite wat reeds in die Republiek aan universiteite en ander inrigtings beskikbaar is, voordat 'n nuwe laboratorium met die gepaardgaande groot uitgawes, opgerig word.

##### (b) Stuspanning op Kraglyne

In 'n projek wat nog in 'n vroeë stadium van ontwikkeling is, word aandag geskenk aan weerlig- en skakelstuspannings op tipiese transmissie- en distribusiestelsels. Die standaardstuspanningswaardes wat gewoonlik by die beplanning van transmissielyste en substasietoerusting gebruik word, is veronderstel om, met inagneming van die beskerming wat van moderne weerligafleiers verkry word, realisties ten opsigte van die werklike werksomstandighede te wees.

Werkomstandighede wissel egter grootliks omdat dit van baie faktore soos byvoorbeeld verwagte aantal weerligontladings, tipe en lengte van kraglyn, aarding, tipe van stroombrekers, ens. afhang. In 'n gebied met 'n bepaalde weerligintensiteit kan 'n ondergeïsoleerde distribusielyn argumentshalwe definieer word as 'n lyn wat vir 50 persent van die weerligspannings sal oorvoek. Die stroombrekers sal dienoreenkomstig dikwels in werking kom en verdere skakelstuspannings veroorsaak. Omgekeerd kan 'n oor-geïsoleerde lyn definieer word as een wat by slegs 5% van die weerligstuspannings sal oorvoek. As die aantal stuspannings wat die gegewe standaardstuspanning oorskry, bepaal kan word tesame met die aantal weerligontladings, sou dit ten minste teoreties moontlik wees om gedurende die ontwerp van sulke distribusielyste 'n isolasiepeil te kies wat die meeste beskerming vir die besondere bedryfsomstandighede sou wees. In hierdie verband is dit vanselfsprekend dat vir kontinue diens, 'n distribusielyn in 'n weerliggebied beter geïsoleer moet word as een wat minder aan weerlig blootgestel is. Die presiese omvang van sulke bykomstige isolering is tot nog toe deur probeer en tref metodes bepaal.

In die geval van die isolering van substasies is die benadering ietwat anders. Hier word die grootte van die inkomende stuspannings grotendeels deur die isolasiepeil van die inkomende lyn bepaal, en die uitwerking op substasietoerusting hang daarvan af of dit 'n endsubstasie of tussensubstasie is, die aantal vertakings in die netwerk, ens. Daar word soms beweer dat die beskermingspeil van substasietoerusting, soos transformators, heeltemal deur weerligafleiers by die aansluitings van die toerusting beheer word. Aan die ander kant moet onthou word dat weerligafleiers nie onfeilbaar is nie, en dat hul leeftyd afhang van die diens wat hulle moet lewer, wat weer grotendeels 'n funksie is van die aantal stuspannings (of dit skakel- of weerligstuspannings is) wat die swigtingswaarde van die weerligafleiers oorskry. Die faling van weerligafleiers, besonder by 11 kV, is niks ongewoons nie en het baie keer 'n reeks sporadiese foute as gevolg voor die finale faling plaasvind. Insgelyks is die faling van transformators as gevolg van stuspannings, ten spyte van weerligbeskerming nog nie uitgeskakel nie.

Die Wetenskaplike Nywerheidsnavorsingraad-projek in verband met hierdie onderwerp het as doel die insameling van

gegewens rakende die aantal en grootte van stuspannings op transmissie- en distribusiestelsels, en die bedoeling is om 'n woonwa vir hierdie doel toe te rus. Basies is die benadering dat soveel gegewens as moontlik op so 'n manier opgeteken word dat 'n statistiese analise maklik en eenvoudig uitvoerbaar sal wees. Inligting sal eers ingesamel word om vas te stel met watter frekwensie die verskillende golfvorms wat optree, teëgekem word, sodat in breë trekke bepaal kan word watter tipes stuspannings oorheers. Die gegewens sal ook die ontwerp van 'n tellerstelsel vergemaklik om rekords van die aantal stuspannings van 'n sekere golfvorm wat 'n voorafbepaald grootte oorskry, te verkry. Die projek moet steun op die medewerking van elektrisiteitsondernemings wat gewillig sal wees om die opname-eenheid toegang te verleen tot die verskillende tipes transmissie- en distribusielyste wat van belang is.

#### (c) Kragonderbreking

In aansluiting by die voorgaande sal dit ongetwyfeld van waarde wees as gegewens wat reeds oor tydperke van jare ingesamel is in verband met die vergelykende prestasie van bestaande transmissie- en distribusiestelsels verkry kan word vir ontledings.

Sover die outeurs weet, word noukeurige aantekeninge van lyn-en substasiefoute en van beskadigde toerusting deur die meeste elektrisiteitsondernemings gemaak, en baie ondernemings ontleed hierdie gegewens ten opsigte van faktore soos roetelengtes, aantal substasies, toerusting wat gebruik word, ens. Sulke rekords is van die grootste waarde vir die ondernemings self om die vergelykende prestasie van verskillende tipes stelsels of van verskillende fabrikate van toerusting, soos byvoorbeeld weerligafleiers te bepaal. Die nuttigheid van sulke gegewens kan aansienlik vermeerder word as dit gebruik word om 'n vergelyking te tref tussen die prestasies van die netwerke van 'n aantal elektrisiteitsondernemings van verskillende tipes. 'n Standaardmetode sal ontwerp moet word ten einde die opneem van gegewens en die latere verwerking doeltreffend en die resultate vergelykbaar te maak. Sodanige gegewens sou ook van belang wees wanneer bepaal moet word of 'n besondere stuk navorsingswerk noodsaaklik is.

#### 5. Verdere Kragingenieurswese-probleme

Ofskoon baie van die probleme in verband met elektrisiteitsvoorsiening na jarelange ervaring reeds opgelos is, bestaan daar geen twyfel dat ander probleme as gevolg van vinnige uitbreiding sal opduik nie, veral omdat dit steeds belangriker word om kostes binne redelike grense te hou. Trouens, terwyl daar nog sekere basiese en fundamentele probleme onopgelos is, blyk dit dat die klem by navorsing al meer en meer op 'n ondersoek van die ekonomiese, in plaas van die suiwer fundamentele aspekte van sulke stelsels gelê word. Natuurlik word die omvang van die navorsingswerk wat onderneem kan word deur die beskikbaarheid van navorsingsingenieurs en die navorsingsfasiliteite beperk.

'n Paar bykomende probleme wat in die Afdeling Elektriese Kragingenieurswese aandag geniet, is n.l. die ontwikkeling van metodes om die breek van 'n geleier outomaties vas te stel; metodes vir die vinnige meting van die dikte van bo-

grondse kontakdrade in elektriese traksie; kragomsetting van wisselstroom na gelykstrom en omgekeerd; toepassings van silikon-beheerde gelykstrigters.

Verdere probleme wat reeds identifiseer is en moontlik in die toekoms as navorsingsprojekte onderneem sal word, is elektriese voertuie met batteryaandrywing; metodes van lasvoorspelling; die intrinsieke gedrag van isolasie onder die invloed van hoë spanning; die elektriese eienskappe van houtsoorte wat in Suid-Afrika gekweek is; en die aanwending van elektrisiteit by landbou en tuinbou.

### NAVORSING VAN DIREKTE BELANG VIR ELEKTRIESE KRAGINGENIERSWESSE

#### 1. Outomatisasie

Op die gebied van outomatisasie word navorsingswerk in die Afdeling Outomatisasie van die Nasionale Navorsingsinstituut vir Wiskundige Wetenskappe tans veral toegespits op die ontwikkeling en toepassing van syfer tegnieke in datahantering en beheer. Verskeie toepassings om wetenskaplike eksperimente te beheer en die waarneming in syfer vorm op te berg op 'n geskikte medium vir direkte invoer in 'n syferrekenaar vir verdere ontleding, is reeds deurgevoer, soos byvoorbeeld 'n outomatiese weerstasie, 'n beheer vir 'n X-straaldiffraktometer, ens. Hierdie werk word nou uitgebrei na 'n studie van die gebruik van syferrekenaars in prosessebeheer.

Daar is tans reeds meer as 1,000 syferrekenaars in prosessebeheer insalleer, waarvan ongeveer 25% in die kragopwekingsnywerheid is. Navorsing op hierdie gebied is van direkte belang vir die kragingenieur in soverre dit deesdae algemeen aanvaar word dat wanneer 'n opwekkingseenheid 200 na 250 megawatt kapasiteit het, 'n syferrekenaar in beheer selfs bloot as 'n waghoud geresigdig kan word. Die 2% tot 24% hoër doeltreffendheid wat deur so 'n beheer verkry word, word bloot as 'n bonus beskou. (12, 13)

Gebrek aan geskoolde arbeid, veral van toesighoudende personeel in kragstasies in die Republiek, kan die toepassing van hierdie tipe van beheer ook in kleiner stasies in die toekoms noodsaaklik maak. Die betroubaarheid van hierdie tipe beheerstelsel is deesdae sulks dat die gevaar waarna gewoonlik spottenderwys verwys word, n.l. van een toesighouer wat verplaas word deur twee onderhoudspersoneel, nie langer van toepassing is nie.

#### 2. Halfgeleierelemente

Werk op die gebied van die toepassing van halfgeleiers wat in die Afdeling Elektronika van die Vaste Toestand van die Nasionale Navorsingsinstituut vir Wiskundige Wetenskappe gedoen word, is ook van direkte belang vir die kragingenieur. Halfgeleierelemente vind al meer en meer toepassing in die kragnywerheid en probleme wat met gebruik onder plaaslike toestande ontstaan, kan direk steun op kennis wat in die navorsingslaboratorium opgedoen word. Die kragingenieur betree hier 'n vir hom onbekende wêreld waar oorgangsverskynsels wat in nanosekondes gemeet word die vernietiging van halfgeleierelemente in verkeerdik ontwerpde stroombane kan beteken. Nogtans, indien die nodige voorsorg getref word, kan hierdie elemente heeltemal nuwe toepassingsmoont-

likhede vir die kragingenieur skep. Die baie hoë betroubaarheid wat reeds met halfgeleierelemente verkry is, sal na verwagting nog verder verhoog met die gebruik van mikrostrombane. (15)

Werk op die gebied van onkonvensionele energiebronne word in die Afdeling Toegespede Elektronika van die Nasionale Navorsingsinstituut vir Wiskundige Wetenskappe gedoen waar die omsetting van sonenergie of termiese energie, direk na elektriese krag, gedoen word. Met die beskikbaarheid van moderne halfgeleier-termo-elektriese eenhede en sonselle, word hierdie elemente van belang ook vir die kragingenieur vir toepassings in afgeleë plekke waar dit soms nuttig gebruik kan word vir aandrywing van instrumente of kommunikasietoerusting.

### 3. Telekommunikasie

Telekommunikasie is 'n onontbeerlike hulpmiddel vir die kragingenieur. Navorsingswerk op telekommunikasie in die Nasionale Instituut vir Telekommunikasie navorsing is in twee breë rigtings verdeel, nl. die studie van radiokommunikasie as sulks asook die toepassing van radiogolwe om ander probleme op te los.

Onder die direkte studie van radiokommunikasie ressorteer studies van die invloed van die atmosfeer op die voortplanting van radiogolwe asook 'n studie van die ionosfeer en die invloed op kortgolfvoortplanting. Toepassing van radiogolwe op ander terreine is byvoorbeeld die gebruik van radar om reëval te meet en die gebruik van elektromagnetiese golwe vir afstandsmeting. Hieronder val die welbekende sisteme soos die Tellurometer en Terrafix.

### 4. Elektriese Standaarde

Die noodsaaklikheid van gereelde yking van meetinstrumente is aan elke ingenieur bekend. Enige substandaard wat in die yking van gewone meters gebruik word, moet op sigself weer met meer noukeurige standaarde vergelyk word, wat op hulle beurt weer vergelykbaar met internasionale standaarde moet wees. Die instandhouding van die fundamentele standaarde vir elektrisiteit in die Republiek word, soos reeds gesê, deur die Nasionale Fisiese Navorsingslaboratorium onderneem.

'n Navorsingsprogram vir die konstruksie van 'n absolute kapasitor, waarvan die waarde in terme van lengtemetings bereken kan word, is tans aan die gang. Hiervan kan 'n absolute standaard van weerstand en uiteindelik van spanning afgelei word.

Tot tyd en wyl hierdie projek voltooi is, word die fundamentele standaarde gehou in die vorm van standaardsele, standaardweerstande en standaardkapasitors wat kopieë is van soortgelyke items wat in buitelandse laboratoria gehou word. Die noukeurigheid van hierdie standaarde kan terugverwys word tot die standaarde wat in die Internasionale Buro vir Mate en Gewigte in Parys, Frankryk, gehou word.

### 5. Verligting

Die Nasionale Bounavorsingsinstituut doen heelwat navorsing op die gebied van verligting en hoewel dagligverlig-

ting as gevolg van gunstige plaaslike toestande voorrang geniet, word kunsmatige verligting nie verwaarloos nie. So byvoorbeeld is aandag reeds gegee aan aspekte soos sekuriteitsverligting van geboue, strukture en terreine in die algemeen en die kunsmatige verligting van klaskamers, tekenkantore, kunsmuseums, fabriek, hospitale en tennisbane. (16, 17)

Hierbenevens dien personele van die Instituut ook op verskillende Komitees van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde wat verligting en verwante aspekte hanteer. So ook is die sekretariaat van die Suid-Afrikaanse Nasionale Komitee vir Verligting in die Instituut gesetel. Uitstekende samewerking is reeds bewerkstellig met die Internasionale Kommissie vir Verligting en die hoofdoel van die Komitee is, net soos die geval met die navorsing is, om verligtingsontwerp hier te lande op 'n wetenskaplike grondslag te plaas.

### 6. Kragvoorsiening vir Huise

Om kosteredes is daar tans baie bantoe woonbuurtes waar elektrisiteit nie voorsien word nie, maar die stygende lewensstandaard van die Bantoe en die daarmee gepaarde vermoë om dit te kan bekostig, beteken dat die voorsiening van elektrisiteit in sulke woonbuurtes in die nabye toekoms algemeen sal word. 'n Opname wat tans deur die Nasionale Bounavorsingsinstituut deurgevoer word, behoort aanduidings te gee van die omvang en geardeid van sulke dienste.

### 7. Wiskundige Statistiek

Die toepassing van wiskundige statistiek in die beplanning van eksperimente en in die ontleding van die resultate het 'n uiters belangrike aspek van navorsing geword en word aktief in die Afdeling Statistiek van die Nasionale Navorsingsinstituut vir Wiskundige Wetenskappe beoefen. Toepassings is nie net in navorsing van belang nie, maar ook op die gebied van beplanning en ander praktiese probleme wat die ingenieur mag teëkom.

'n Voorbeeld van hoe wiskundige statistiek gebruik kan word om die elektriese ingenieur met beplanning te help, is 'n studie van die lewensduur van sekere elektriese of elektroniese komponente. (18) Die lewensverdeling van sulke komponente (byvoorbeeld straatlampe) en sekere wiskundige parameters van hierdie lewensverdelings (verwagte lewensduur, swigtempo ens.) is van belang by die bepaling van, byvoorbeeld, 'n optimale onderhoude- of vervangingsbeleid. 'n Gebruiklike vervangingsbeleid, wat bekend staan as ouderdomsvervangings, is dat elke individuele eenheid 'n vasgestelde aantal ure na sy inwerkingstelling vervang word, behalwe as dit vroër as gevolg van faling moet geskied. 'n Alternatiewe vervangingsbeleid staan bekend as blok-vervangings — 'n hele blok van eenhede word vervang na gereelde tydsintervalle, ongeag die falingsgeskiedenis van die sisteem. Deur die toepassing van statistiese metodes kan 'n vergelyking tussen verskillende vervangingsbeleide getref, en die beleid aanbeveel word, wat maksimum-doeltreffendheid lever teen minimum-koste. Die wiskundige modelle wat ter sake is, is gewoonlik nie eenvoudig nie, veral wanneer ingewikkelde sisteme betrokke is. Die gespesialiseerde kennis van die statistikus en die elektriese ingenieur gesamentlik is hier noodsaaklik.

## 8. Numeriese Analise

Die gebruik van numeriese tegnieke vir die oplossing van probleme het die afgelope twee dekades 'n metamorfose ondergaan as gevolg van die fenomenale ontwikkeling op die gebied van systerrekenaars. Die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad het tans 'n goed-toegeruste IBM 360 model 40 wat onlangs sy IBM 704 vervang het. Hierdie rekenaar word hoofsaaklik vir ondersoekte in die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad gebruik, maar is ook beskikbaar vir buite-standers vir die oplos van wetenskaplike en tegnologiese probleme.

Voorbeelde van probleme wat reeds deur die Afdeling Numeriese Analise van die Nasionale Navorsingsinstituut vir Wiskundige Wetenskappe met behulp van die rekenaar opgelos is, is 'n verkeersontleding en roete-beplanning vir binne-stedelike verkeer, uitgevoer deur die Pretoria se Munisipaliteit; 'n ontleding van grootskaalse opnames van tussen-stedelike verkeer by opepad-beplanning; dergelike ontledings van grootskaalse opnames van gegewens oor verkeersongelukke, en 'n groot verskeidenheid van ander statistiese ontledings.

'n Studie wat veral vir elektriese ingenieurs van belang is, is die outomatisering van alle landmeetkundige berekeninge vanaf die veldboek tot die finale kartografiese data met voorsiening vir 'n willekeurige volgorde van waarnemings en vir ingryping van die landmeter in die verloop van die berekening. (19) 'n Prosedure is verder ontwikkel vir ekonomiese plasing van transmissietorings langs 'n roete beginnende met die veldboekdata van die roete-opname. (20) Die kriterium vir die plasing van die torings is die handhawing van 'n voorskryfde veilige afstand van die geleier na die naaste grondoppervlak.

Die gebruik van die rekenaar in studies van vragvoorspeling is natuurlik ook 'n voor-die-hand-iggende maatskappij toepassing.

## AANVERWANTE NAVORSING

### 1. Lugbesoedeling

Die Nasionale Fisiese Navorsingslaboratorium van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad is vir geruime aantal jare reeds besig om metings te doen op lugbesoedeling veral veroorsaak deur rook, swaeldioksied en stof. Hierin het hulpe onder andere die samewerking van die stadsrade van Johannesburg, Durban, Germiston en Kaapstad gehad. Die geweldig omvang wat die probleem van lugbesoedeling reeds in Suid-Afrika aangeneem het, het daartoe gelei dat die Wet op Voorkoming van Lugbesoedeling in 1965 gepromulgeer is. Hierdie Wet dek 'n baie wye veld en is ook van direkte belang vir die elektriese kragingenieur aangesien dit lugbesoedeling as gevolg van kragopwekking deur verbranding van steenkool raak.

Dié navorsing van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad is van belang aangesien dit die moontlikheid daarstel om meer te wete te kom van faktore wat lugbesoedeling beïnvloed. So is daar reeds navorsing gedoen oor die redes vir die stagnante atmosfeer oor Durbanhawe, wat 'n opbouing van besoedeling veroorsaak. Ander projekte was 'n

ondersoek na die termiese doeltreffendheid van 'n vertikale stoomketel, 'n ondersoek na die gebruik van steenkool deur verskillende verbruikers in die nywerheidsgebiede van die Transvaal, ens. (21, 22, 23)

### 2. Stabiliteit van Strukture

Die Afdeling Lugdinamika van die Nasionale Navorsingsinstituut vir Meganiese Ingenieurswese beskik oor 'n opstraal-windtonnel met 'n deursnit van 10 voet waarin windshelde van 40 vt. per sekonde, en 'n toestraalwindtonnel met 'n deursnit van 24 duim en waarin windshelde tot 100 vt. per sekonde, bereik kan word. Met die beskikbare fasiliteite kan die Afdeling 'n groot verskeidenheid lugdinamika-probleme ondersoek, o.a. die uitwerking van windbelasting op geboue en ander strukture soos torings, ens.

### 3. Grondstruktuur

Die bepaling van grondstabiliteit en ander parameters wat belangrik is sower dit die daarstelling van 'n geskikte fondament vir 'n gebou of transmissietoring raak, is natuurlik ook van belang vir die kragingenieur. 'n Aantal projekte in die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad het gelei tot die ontwikkeling van toerusting wat direk toepaslik is vir hierdie tipe van probleem en word dus interessanthalwe genoem.

#### (a) Kortafstand-Seismiese-eenheid

Die seismiese tegniek om inligting in verband met die aardstruktuur te bekom is natuurlik welbekend aan geleë. Die normale tegniek om van 'n plofstof gebruik te maak om die nodige seismiese energie in die grond op te wek en die meting van skokgolwe met geofone, word toegepas wanneer tot redelik groot dieptes eksploreer word. Meer onlangs is 'n aantal instrumente ontwikkel vir kortafstand-eksploratie wat veral nuttig is vir die bepaling van die grondstruktuur in die boonste lae. (24) Die bron van seismiese energie is 'n 10 lb. hamer waarmee die grond geslaan word en die gewone seismiese optelkoppe word dan gebruik om die voortplanting te meet. Die tydinterval tussen die hammerslag en die aankoms van die skokgolf by the seismometer word outomaties gemeet en op die instrument vertoon. Hierdie metings word dan tesame met die afstand tussen die hamer en die geoffoon grafies opgeteken. Vanaf hierdie grafieke is dit moontlik om die voortplantingspoed van klank in die verskillende lae te bereken: inligting wat direk van nut is om sekere van die eienskappe van die grond in die verskillende lae af te lei.

#### (b) Boorgatkamera

'n Boorgatkamera is ontwikkel om die teenwoordigheid van ondergrondse holtes soos byvoorbeeld sinkgate te bepaal en om die grootte van hierdie holtes benader vas te stel. Die sonde is 1½ dm. in deursnit en 3½ vt. lank en bevat 'n foto-elektriese detektor en 'n kamera. Die detektor word gebruik om die teenwoordigheid van die holte vas te stel, en aan te dui waar die holte begin en ophou. Die eenheid word in die boorgat afgelaat deur middel van 'n aantal stange wat in 'n spesiale driepoot en draaitafel monter is. Sodra die teenwoordigheid van 'n holte waargeneem is, word die kamera gebruik om fotos op verskillende dieptes en in verskillende rigtings te neem. Ongeveer 12 fotos word op 'n bepaalde diepte geneem om die volle omtrek van die holte te dek.

#### 4. Akoestiek van Geboue

In die Akoestiekafdeling van die Nasionale Fisiese Navorsingslaboratorium is 'n uitgebreide navorsingsprogram op die gebied van Argitektoniese Akoestiek reeds 'n geruime tyd aan die gang. Hierdie werk het begin met die opstel van Afrikaanse spraakverstaanbaarheids-woordlyste. Hierna is die integrasie-eienskappe van die menslike gehoorsisteam vasgestel deur middel van 'n reeks subjektiewe toetse op 'n groot aantal proffersone. Hiervolgens was dit moontlik om presies vas te stel watter invloed vertraagde weerkaatsings in 'n saal op die verstaanbaarheid van spraak het. 'n Meetkriterium kan gevolglik daargestel word waarvolgens die verstaanbaarheid van spraak in 'n saal objektief bereken kan word uit 'n ontleding van die weerkaatsingspatroon in die saal. (25) Deur middel van modelstudies is hierdie werk uitgebrei sodat dit nou moontlik is om, met behulp van 'n 1/16-skaal-akoestiese model van 'n nuwe gehoorsaal, te voorspel wat die verstaanbaarheid van spraak in die saal sal wees nog voordat dit gebou word. (26) Deur die vroegtijdige vasstelling van ontwerfoute kan dus groot bedrae geld bespaar word. Hierdie werk word tans voortgesit en daar word gesoek na 'n meetkriterium wat op die gebied van konsertsalaakoestiek toegepas kan word.

#### 5. Metaalkorrosie

Metaalkorrosie kan aan bande gelê word deur die oorsake daarvan wetenskaplik te ondersoek en dan middelle ter voorkoming daarvan aan te wend. (27,28) Die Korrosiegroep van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad spits hom daarop toe om korrosieprobleme van Staatsdepartemente, plaaslike owerhede en die nywerheid te ondersoek, en oplossings daarvoor aan die hand te doen. In sommige gevalle kan dadelik raad gegee word, maar dikwels moet eers grondige ondersoek na die probleem ingestel word.

Daar is onder andere op verskeie plekke in die Republiek blootstellingstoetse kragtens kontrak uitgevoer om vas te stel hoe gou sekere metale en metaaldeklare in die atmosfeer korrodeer. Daar gaan ook binnekort op verskeie uitgesoekte plekke begin word met blootstellingstoetse op uitgebreide skaal vir die meeste metaalsoorte in algemene gebruik om 'n korrelasie te soek met gegewens oor lugbesoedling, die soutgehalte van die lug en weertoestande.

#### ERKENNING

Die outeurs wil graag hulle dank uitspreek teenoor direkteure van ander institute in die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad wat inligting tot hulle beskikking gestel het asook aan die talle ander kollegas wat meegehelp het. Mnr. P. Levesque se toestemming om te mag verwys na werk wat onder kontrak vir sy maatskappy uitgevoer is, word met dank erken.

#### F. VERWYSINGS:

1. CIGRE Study Committee No. 8, Working Group on Lightning Flash Counters, Document W 66, Operational Instructions. Paris, June 1966.
2. MALAN, D. J. Radiation from lightning discharges and its relation to the discharge process. Reprint from: "Recent Advances in Atmospheric Electricity", Pergamon Press, 1959.

3. MALAN, D. J. Lightning counter for flashes to ground. International Conference on Gas Discharges and the Electricity Supply Industry, Butterworth, 1962.
4. ANDERSON, R.B. Lightning research in the power electrical engineering field. C.S.I.R. Formal Colloquium Series, No. 6, June 1966.
5. ANDERSON, R. B. & VAN DER SPIJ, M. Report No. 2 on protection of a prestressed concrete pipeline from the effects of lightning. Unpublished Contract Report of the National Research Institute for Mathematical Sciences of the Council for Scientific and Industrial Research of South Africa, Dec. 1965.
6. GUELKE, R. & MARAIS, C. P. Lightning damage to reinforced concrete water pipes and a method of protection. Proc. I.E.E., Vol. 96, Part II, No. 52, August 1949.
7. BOYCE, C. F. The earthing of telephone systems with particular reference to South Africa. Journal S.A.I.E.E., vol. 43, Dec. 1952, pp. 349 - 73.
8. RICHTER, A. N. Soil characteristics for earthing of electric supply systems. M.Sc. Thesis, Stellenbosch University.
9. ENSLIN, J. F. Lateral effects on electrical resistivity depth probe curves. Trans. Geological Society of S.A., vol. L.I, 1948, pp. 249 - 70.
10. DE BRUYN, C.M.A. Annual vertical movements and soil moisture redistribution at the Onderstepoort test site. Paper for presentation to the Fourth Regional Conference for Africa on Soil Mechanics and Foundation Engineering, Cape Town, December 1967.
11. DE BRUYN, C.M.A. Annual redistribution of soil moisture suction and soil moisture density beneath two different surface covers and the associated heaves at the Onderstepoort Test Site near Pretoria, and  
Moisture equilibrium and moisture changes in soils beneath covered areas. Symposium in Print, ed. G. D. Aitchison, Sydney, Australia, Butterworths, 1965, pp. 122 - 34.
12. MAKOWSKI, M. W. & MOCILINSKI, K. An evaluation of two rapid methods of assessing the thermal resistivity of soil. ERA Report F/T 182, 1955.
13. VAN WYK, J. D. N. Electronics in Industry. Die Tydskrif van die Ingenieursgenootskap (Suid-Afrika), bd. 23, no. 2, Maart/April 1966.
14. VAN WYK, J. D. N. Digital techniques in automation. Tydskrif van die Ingenieursgenootskap (Suid-Afrika), bd 19, no. 1, Januarie 1962.
15. LUTSCH, A. G. K. Approaches in microminutization of electric circuits to improve reliability. In: Proceedings of the S.A.C.A.C. Symposium on Reliability in Automation and Computation, Sept. 1966 (in the press).
16. RENNHACKAMP, W. M. H. School lighting. C.S.I.R. Research Report No. 209, Pretoria, C.S.I.R., 1964.
17. Lighting considerations in the design of industrial buildings. Vols. 1 - 5. Prepared by the National Building Research Institute of the C.S.I.R. in collaboration with the Department of Labour. Pretoria, May 1966.
18. BARLOW, Richard E. & PRESCHAU, Frank. Mathematical theory of reliability. New York, John Wiley & Son, 1965.
19. GREGGOR, K. N. A Generalised survey computational approach using an iterative figural distortion method on an electronic computer. S.A. Survey Journal, Dec. 1966.
20. GREGGOR, K. N. A survey of existing computer programmes for positioning transmission towers. S.A. Electrical Review, Feb. 1967.
21. HALLIDAY, E. C. Engineering aspects of smog abatement. Pretoria, C.S.I.R., RE 19 (Reprint from the Eastern Province Society of Engineers Journal, 1960-1).
22. MARTIN, A. E. Effects of power station emissions on health. World Health Organization WHO/AP/66.27.1.
23. MARTIN, A. E. & BARBER, F. R. Investigations of sulphur dioxide pollution around a modern power station. Journal of the Institute of Fuel, July 1966.
24. VAN OPJENEN, L. J. K. Short range seismic soil exploration. Civil Engineering in South Africa, volume 2, no. 7, July 1960.

25. LOCHNER, J. P. A. & MEFFERT, P. Analysis of reflection patterns in audiotia. *Journal Acoustical Society of America*, vol. 35, no. 9, September 1963.
26. BURGER, J. F. & LOCHNER, J.P.A. Pulse studies of acoustic models. In: 4th International Congress on Acoustics, Copenhagen, 1962-3.
27. COPENHAGEN, W. J. Corrosion of street light fittings. *The South African Municipal Magazine*, November 1963.
28. GILES, P. A. Modern street lighting fittings. *The South African Municipal Magazine*, June 1962.

#### OPSOMMING

Navorsingswerk wat tans in die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad aan die gang is op die gebied van elektriese kragingenieurswese word gedek. Daar word verwys na werk op die gebiede van weerligmetings en weerligbeskerming, aardingsprobleme en termiese geleiding van grond. Op die gebied van hoogspanningsnavorsing word die behoefte vir voldoende fasiliteite bespreek en ook melding gemaak van spanninge op kraglyne en kragonderbrekings. Verskeie ander probleme word genoem.

Daarnaas word navorsing wat van direkte belang vir elektriese kragingenieurswese is, soos outomatisasie, halfgeleier-elemente, telekommunikasie, elektriese standaarde, verligting, wiskundige statistiek en numeriese analise kortliks bespreek.

Verder word kortliks na aanverwante navorsing wat vir elektriese kragingenieurs van belang is, soos byvoorbeeld lug-besoedeling, stabiliteit van strukture, akoestiek van geboue en metaalkorrosie verwys.

#### SUMMARY

Research currently taking place at the Council for Scientific and Industrial Research in the field of power electrical engineering is covered. In particular work on lightning measurements and lightning protection, earthing problems and thermal conductivity of soil, is covered. In the field of high voltage research the necessity for adequate facilities is discussed and mention is made of work concerning surges on transmission lines and power interruptions. Several other problems are mentioned.

In addition, research work in fields which are of importance to power electrical engineering, such as automation, semi-conductors, telecommunications, electrical standards, illumination, mathematical statistics and numerical analysis is briefly discussed.

Further, brief reference is made to associated research which is of importance to power electrical engineers such as air pollution, stability of structures, building acoustics and metal corrosion.



**REPORT ON THE  
TRAINING OF ENGINEERS AND TECHNICIANS**

Sub-committee:

G. C. Theron (Convener), R. Leishman, C. Lombard

Arising from a discussion at the Technical Meeting of the A.M.E.U. held at Bloemfontein in May, 1966, a sub-committee was appointed . . . to consider the Straszacker report on the training of engineers and anticipated State Action on the training of apprentices with particular reference to differentiation between artisans and technicians.

A memorandum submitted by Councillor H. G. van Zyl to the Municipal Association of Transvaal was also considered by the Sub-committee as falling within the scope of its terms of reference.

The Executive Council of the A.M.E.U. considered the report of the said subcommittee and at the meeting held in November, 1966 resolved to comment as follows:-

1. The Straszacker Commission took 8 years to prepare the report which is still under consideration by the Government. Until the decisions of the Government in this connection are made known it is possible to deal with the problem on the basis of principles only.
2. The image of the engineer has to be improved in order to draw new recruits into the profession: If the recommendation of the Borkenhagen commission viz that local authorities should be responsible for distribution of electricity only, is literally and completely accepted then municipal electricity undertakings will become resale organisations with a limited appeal to qualified engineers.
3. The Straszacker report, paragraph 669 reads:-  
"Even with extensive use of consultants, public bodies, particularly the larger ones, still require an adequate force of the best available engineers in their employ, because ultimately they have to determine engineering policy. This cannot be done effectively by outside engineers."

And paragraph 671 reads:-

"The remuneration of engineers must be based on their value to the community. Such remuneration is not necessarily related to the salaries applicable to other groups in an organisation."

The competition for experienced and well qualified engineers from employers outside of Municipal organisations is very strong and although the judicious use of engineering assistants can help to cope with the work, a strong core of experienced engineers must be ensured.

The provision of services, motorways and other engineering services are assuming tremendous proportions in the modern community and requires the management and control of engineers of the highest calibre.

4. The seriousness of the present situation is indicated by the almost complete absence of municipal engineers in

**VERSLAG OOR DIE  
OPLEIDING VAN INGENIEURS EN TEGNICI**

Subkomitee:

G. C. Theron (Sameroper), R. Leishman, C. Lombard

Voortvloeiende uit die bespreking op die tegniese vergadering van die V.M.E.O. gehou te Bloemfontein in Mei 1966, is 'n subkomitee benoem om . . . die Straszacker verslag oor die opleiding van ingenieurs en beoogde staatsoprede in verband met die opleiding van vakleerlinge te oorweeg, met spesiale verwysing na die onderskeid tussen tegnisi en ambagsmanne. 'n Memorandum ongestel deur Rds. H. G. van Zyl vir die Munisipale Vereniging van Transvaal het ook binne die opdrag van die subkomitee geval en is ook oorweeg.

Die uitvoerende raad van die V.M.E.O. het op 'n vergadering gehou in November 1966, die verslag van die subkomitee oorweeg en besluit om soos volg kommentaar te lewer:

1. Die Straszacker-kommissie het 8 jaar geneem om die verslag wat nog deur die Regering oorweeg word, voor te berei. Tot tyd en wyl die besluite van die Regering in die verband bekend is, kan die saak net op die grondslag van beginsels bespreek word.
2. Die beeld van die ingenieur moet verbeter word ten einde huwelinge na die professie te trek. Indien die aanbevelings van die Borkenhagen-kommissie nl, dat plaaslike besture net vir die verspreiding van elektrisiteit verantwoordelik moet wees, letterlik en algemeen aanvaar word dan sal munisipale elektrisiteitsondernemings verkoopsgoedertalige organisasies word met 'n beperkte aantreklikheid vir gekwalifiseerde ingenieurs.
3. Die straszacker-verslag, paragraaf 669 lees:-  
"Selfs met die uitgebreide gebruik van konsultante het openbare liggame, vernameamlik die groteres, nog nodig om voldoende goeie ingenieurs in diens te neem want op slot van rekening moet hulle op ingenieursvlak, beleid bepaal. Dit kan nie doeltreffend deur buite ingenieurs gedoen word nie." (vertaling).

En paragraaf 671 lees:-

"Die besoldiging van ingenieurs moet gebaseer word op hulle waarde vir die gemeenskap. Sulke vergoeding hou nie noodwendig verband met die salaris van toepassing op ander groepe in die organisasie nie." (vertaling).

Die aanvraag deur werkgewers buite die munisipale organisasies om goeie opgeleide ingenieurs met ondervinding is baie sterk en alhoewel die oordeelkundige gebruik van ingnieursassistentes kan help om die hoof te bied, moet 'n gesonde kern van ervare ingenieurs verseker word. Die voorsiening van dienste, deurweë en ander tegniese dienste neem geweldige afmetings aan in die moderne gemeenskap en benodig die bestuur en beheer van ingenieurs van die hoogste gehalte.

4. Die erns van die situasie word onderstreep deur die amper volke afwesigheid van munisipale ingenieurs

the 40 - 50 age group. After gaining some experience the young engineer is snatched away by industry, the munitions and aircraft factories etc. from municipal and semi-state organisations with salaries tied to the civil service.

5. By way of summarising we
  - (i) fully endorse the Straszacker report and consider that the extensive researches, suggestions and recommendations are to be commended; and
  - (ii) must draw attention to the repercussions of the Borkenhagen report suggesting an Escom monopoly which threatens to lead Local Authorities into a dearth of Mechanical and Electrical Engineers and to relegate this category more to the status of technicians. This can develop into a very serious situation as pointed out in the Straszacker report. Recent Provincial legislation limiting the salaries of Town Clerks has a similar effect.
6. The A.M.E.U. is in agreement with the general principles as expounded by Cnl. van Zyl but must point out that there are fundamental differences between civil engineers and their work and that of the electrical and mechanical branch of municipal engineering. The memorandum deals essentially with the training of civil engineering assistants and the difficulties which will be experienced in the other branches must therefore be pointed out.
7. Electrical and mechanical work in local authorities cannot be confined to municipalities only and training should be on a broad basis. Specialist training with the purpose of tying the employee to the employer group tends to frighten the better type away. See also Straszacker report R/49:  
"that engineers in the service of the State be free to change their employers without restriction."
8. Development in the field of electrical and mechanical engineering is very fast and appliances using new and refined principles are being brought into use every day. The demand for specialists is becoming more and more evident and there is therefore a need for a special class of artisan and technical assistant which must, however, have a broad basic training with specialist training in a particular undertaking. These people will only be retained by applying special salary grades.
9. Training schemes for Mechanical and Electrical Engineering Assistants along the lines suggested by Cnl. van Zyl are about to be started by Johannesburg City Council according to recent press reports.
10. The training scheme should not draw its recruits from the artisan class only but from all sections with the required qualifications. This will widen the field for recruits.
11. Only Local Authorities with qualified engineers and staff and training facilities should be allowed to under-

in die 40 - 50 ouderdomsgroep. Nadat 'n bietjie onder-vinding opgedoen is, word die jong ingenieur deur die nywerhede, die ammunisie- en vliegtuigfabrieke weggetrek van munisipale en semistaatsorganisasies met salarisse aan dié van die staatsdiens gekoppel.

5. Opsomming:-
  - (i) Die Straszacker-verslag word heelhartig ondersteun en die uitgebreide navorsing, voorstelle en aanbevelings word sterk aangeprys.
  - (ii) Daar moet aandag gevestig word op die nagevolge van die Borkenhagen-verslag wat 'n EVKOM monopolie voorstel en wat 'n skaarste van werktuigkundige en elektrotegniese ingenieurs by plaaslike besture kan veroorsaak en die status van die groep tot die van tegnici kan afbring.
- Soos in die Straszacker-verslag uitgewys kan dit tot 'n ernstige situasie ontwikkel.  
Onlangse provinsiale wetgewing wat die salarisse van stadsklerke pen het 'n soortgelyke uitwerking.
6. Die V.M.E.O. steun die algemene beginsels soos deur Rds. van Zyl uiteengesit maar moet uitwys dat daar fundamentele verskille is tussen siviele ingenieurs en hulle werk en die van die elektriese en meganiese vertakkinge van munisipale ingenieurswese. Die memorandum handel hoofsaaklik met die opleiding van siviele ingenieurs-assistente en die probleme wat in ander afdelings onder-vind sal word moet uitgewys word.
7. Elektriese en meganiese werk in plaaslike besture kan nie tot munisipaliteit beperk word nie en opleiding moet op 'n breë vlak wees. Gespesialiseerde opleiding met die doel om die werknemer tot die spesifieke werkgewers-groep te bind het die neiging om die beter tipe af te skrik. Sien ook Straszacker-verslag R/49:-  
"ingenieurs in diens van die Staat moet vry wees om van gewerger te verander sonder beperking." (vertaling).
8. Ontwikkeling op die gebied van elektriese en meganiese ingenieurswese is baie vinnig en toerusting met nuwe en verfynde beginsels word daaglik in gebruik geneem. Die vraag na spesialiteite word steeds duideliker en daar is derhalwe 'n behoefte aan 'n spesiale klas van ambags-man en tegniese assistent met gespesialiseerde opleiding in 'n besondere onderneming maar met 'n breë basisse opleiding. Hierdie klas van persone sal net behou kan word op spesiale salarisskale.
9. Opleidingskemas vir elektrotegniese en meganiese ingenieurs-assistente soos deur Rds. van Zyl aan die hand gedoen word, volgens onlangse persverslae, binnekort deur die Stadsraad van Johannesburg in werking gestel.
10. Die opleidingskema moet nuwelinge nie net uit die ambags-groep trek nie maar uit alle sektors met die nodige opleiding. Dit sal die veld vir nuwelinge vergroot.
11. Net plaaslike besture met gekwalifiseerde ingenieurs en personeel en die nodige opleidingsfasiliteite moet toege-

take the training of the technical assistants in order to ensure a satisfactory level of trainee.

12. Salaries cannot be uniform as this will be affected by various outside factors, such as housing, cost of living, etc.
13. The technical colleges should also do some ad hoc training to show the pupil what the plant looks like and how it works as at Germiston.
14. In agreeing with the general principles of the memorandum the A.M.E.U. proposed the setting up of a National Committee representative of the A.M.E.U., technical colleges, government departments concerned and other interested parties with power to guide and direct but flexible to approve the service conditions and training according to individual circumstances. The training scheme of various employers will be considered by the steering committee and tried and ultimately a National scheme can be evolved.
15. Special attention should be paid to the teaching personnel both at the colleges and in the field.
16. It is also suggested that there should be closer co-operation with the army training schemes to ensure that during the military training period interested youths are placed in technical units where, in addition to military training they can receive basic technical instruction to prepare them for an engineering career.

G. C. THERON,  
Convener

13th February, 1967

#### ANNUAL REPORT ON THE ACTIVITIES OF THE PHYSICS AND ELECTRICAL ENGINEERING DEPARTMENT OF THE S.A. BUREAU OF STANDARDS

Co-ordinating Representative: G. C. Theron.

##### 1. COMPULSORY SAFETY SPECIFICATIONS

Amendment No. 1 to the compulsory standard specifications for electrical equipment was published in Government Gazette No. 1430 of 22nd April, 1966.

The proposed amendment No. 2 was issued in Government Gazette No. 1628 of 6th January, 1967.

Since July 3, 1965, when the compulsory specifications came into force, to date, the Bureau has found little difficulty with the administration of the compulsory specifications and has found industry and trade to be most helpful and co-operative.

It has been found, however, that certain anomalies arise due to the fact that certain accessories and flexible cords (Schedules 1, 4, 6, 9 and 10) are not confined to the apparatus

laat word om tegniese assistente op te lei ten einde 'n bevredigende endproduk te verseker.

12. Salarisse kan nie eenvormig wees nie aangesien dit beïnvloed word deur buitefaktore soos behuising, lewenskoste, ens.
13. Die tegniese kolleges moet ook 'n sekere mate van ad hoc opleiding doen om die leerlinge te wys hoe die toerusting lyk en hoe dit werk soos die geval is by Germiston.
14. Terwyl daar met die algemene beginsels in die memorandum saamgestem word, wil die V.M.E.O. voorstel dat 'n nasionale komitee bestaande uit verteenwoordigers van die V.M.E.O., die tegniese kolleges, staatsdepartemente daarby betrokke en ander belanghebbendes saamgestel word om leiding en opdragte te gee maar moet die diensvoorwaardes en opleiding aanpas en goedkeur na gelang van die afsonderlike omstandighede. Die opleidingskemas van die verskillende werkgewers kan oorweeg word deur die komitee, uitgetoets word en later kan daaruit 'n nasionale skema ontwikkel.
15. Spesiale aandag moet geskenk word aan die doserende personeel by die kolleges en ook in die praktyk.
16. Daar word ook aan die hand gedoen dat daar nouer samewerking met die weermag se opleidingskemas moet wees. Dit sal verseker dat gedurende die militêre opleidingstydperk, die jeug wat in die rigting belang stel, in tegniese eenhede geplaas sal word waar hulle saam met die militêre opleiding ook basiese onderrig sal ontvang in tegniese vakke in voorbereiding vir 'n loopbaan in ingenieurswese.

G. C. THERON,  
Saamroeper

13 Februarie, 1967.

#### JAARVERSLAG OOR DIE WERKSAMHEDE VAN DIE DEPARTEMENT VIR FISIKA EN ELEKTROGNIESE INGENIEURSWESE VAN DIE S.A.B.S.

Ko-ordinerende Verteenwoordiger: G. C. Theron.

##### 1. Verpligte veiligheidspeesifikasies:

Wysiging No. 1 aan die standaard spesifikasies vir elektriese toerusting is op 22 April 1966 in Staatskoerant No. 1430 gepubliseer.

Die voorgestelde wysiging No. 2 was vrygestel op 6 Januarie 1967 in Staatskoerant No. 1628. Die buro het min probleme ondervind met die administrasie van die verpligte spesifikasies sedert dit op 3 Julie 1965 van krag geword het, en het die handel en nywerhede baie hulpvaardig gevind.

Daar is gevind dat sekere ongerymdhede voorkom deurdat sekere bybehore en buigbare koorde (skedules 1, 4, 6, 9 en 10) nie beperk tot die apparaat in die skedules gelys is nie, maar nog moet voldoen al word dit verkoop as bybehore van enige toestel selfs al verskyn dit nie in die skedules nie. Die volgende voorbeeld sal die saak verduidelik:

listed in the schedules, but must still comply when sold as accessories of any piece of equipment not listed in the schedules. The following examples will illustrate the point:

As the regulations stand at present it would be permissible for a washing machine to be fitted with a two-core flexible cord rated at say 3 amps., and a 5 amp. switch, although the machine needs to be fitted with say a 10 amp. 3-core flexible cord and a 10 amp. switch. Provided that the flexible cord and switch fitted to the machine complied with Schedules 4 and 1, the manufacturer could claim that his washing machine "complies with Government Safety Regulations". It often happens that appliances which are brought to the Bureau for checking, fall within the scope of the compulsory specifications only with respect to the flexible cord. If the cord complies with the relevant requirements of Schedule 4, the appliance again "complies with Government Safety Regulations", however unsafe it might be or however wrong the type of cord for the particular application.

In order to rectify this state of affairs it would be necessary to declare compulsory the following safety specifications which have already been drawn up, viz.

- SABS SV 108 Domestic electric washing machines  
113 Electric toasters  
114 Electric irons  
and 115 Electric soldering irons.

## 2. ELECTROTECHNICAL NOMENCLATURE

Your association is represented on this committee by Mr. J. von Ahlften. Twenty meetings were held during this period and the following documents finalized:

- Group 08 : Electro-acoustics  
Group 20 : Scientific and Industrial measuring instruments  
Group 25 : Generation, Transmission and Distribution of Electrical Energy.

The final printed version of Group 05 — Fundamental terms, became available during July 1965.

## 3. PROGRESS REPORT

### Code of Practice for the Lighting of Streets and Highways:

Part 1 of this Code elicited 49 typed folio sheets of comments which necessitated eleven meetings of the technical committee to finalize the document. It is now being translated before submission to the Council of the SABS for approval. Good progress is being maintained with Part 2 of the Code which should shortly be ready for comment.

Representative: A. F. Turnbull.

### Ballasts for Fluorescent Lamps:

This specification is past the comment stage and two meetings have been held to discuss comments received. It is anticipated that a further two meetings will be required to finalize the comments.

Representative: N. P. Adams.

Soos die regulasies nou lees sal dit heeltemal toelaatbaar wees om 'n tweear buigbare koord van sê 3 ampere dravermoe en 'n 5 ampere skakelaar te gebruik op 'n wasmasjien wat eintlik 'n 10 ampere, 3-aar buigbare koord en 10 ampere skakelaar behoort aan te hê.

Indien die buigbare koord en skakelaar aan die masjien aan die vereistes van skedules 4 en 1 voldoen, kan die vervaardiger beweer dat sy wasmasjien "voldoen aan die vereistes van die amptelike veiligheidsregulasies". Dit gebeur dikwels dat toestelle wat na die buro gebring word vir kontrole, net ten opsigte van die buigbare koord aan die vereistes van die verpligte spesifikasies voldoen. As die koord voldoen aan die betrokke vereistes van skedule 4, dan weer "voldoen die toestel aan die staat se veiligheidsregulasies" afgesien van hoe gevaarlik dit mag wees of hoe verkeerd dit mag wees om die tipe koord so aan te wend.

Ten einde die posisie reg te stel sal dit nodig wees om die volgende veiligheidspeisifikasies wat reeds saamgestel is, verpligtend te maak:-

- SABS SV 108 : Huishoudelike wasmasjiene;  
113 : Elektriese roosters;  
114 : Elektriese strykysters;  
en 115 : Elektriese soldeerysters.

## 2. ELEKTROTEGNIESE NOMENKLATUUR:

Die vereniging word op hierdie komitee deur Mnr. J. von Ahlften verteenwoordig. Twintig vergaderings was gereende hierdie tydperk gehou en die volgende dokumente is voltooi:-

- Groep 08 : Elektro-akoestiek.  
Groep 20 : Wetenskaplike en nywerheidsmeetinstrumente.  
Groep 25 : Ontwikkeling, transmissie en verspreiding van elektriese energie.

Die finale persuitgawe van groep 05 — basiese terme, het in Julie 1965 die lig gesien.

## 3. VORDERINGSVERSLAG:

### Gebruikskode vir die verligting van strate en hoofwêe:

Die kommentaar ontvang op deel 1 van die kode het 49 getikte folio-velle getel en elf vergaderings van die tegniese komitee moes gehou word om die dokument te finaliseer. Dit word nou vertaal voordat dit aan die raad van die S.A.B.S. vir goedkeuring voorgelê word. Goëie vordering word gemaak met deel 2 van die kode wat binnekort vir kommentaar gereed sal wees.

Vertenwoordiger: A. F. Turnbull.

### Ballas vir fluorensielampe:

Hierdie spesifikasie is reeds verby die kommentaar-stadium en twee vergaderings is reeds gehou om die kommentaar soos ontvang te bespreek. Daar word verwag dat nog twee vergaderings nodig sal wees om die kommentaar af te handel.

Vertenwoordiger: N. P. Adams

**Code of Practice for the Classification of the Choice of Electrical Equipment in Dangerous Locations:**

Four meetings, two by Working Groups and two by the main committee, were held and the document is now being prepared for comment.

Representative: L. Fletcher.

**Specification for Non-Sparking Electrical Equipment for use in Class 1, Division 2 Locations:**

To date two meetings were held, a number of points concerning the Working Groups being dealt with by letter and telephone. As a result of the second meeting a number of problems were referred to the Working Groups. Because of its complex nature at least one further Committee Meeting will be required before the document can be circulated for comment.

Representative: J. J. Barrie.

**SABS 158 — Electric Kettles and Similar Electrical Appliances for Heating Liquids:**

**SABS 160 — Electric Air Heaters:**

**SABS 784 — Bushbar Trunking:**

**SABS SV 134 — Safety Specification for Domestic Electric Refrigerators and Food Freezers.**

**SABS 093 — Code of Practice for the Testing of Domestic Electric Refrigerators and Food Freezers:**

These specifications and Code of Practice were all approved by the Council of the SABS on the 23rd August, 1965.

**SABS 153 — Electric Stoves and Hotplates:**

**SABS 157 — Electric Toasters:**

**SABS 159 — Electric Irons:**

These specifications were approved by the Council of the SABS on the 22nd August, 1966.

**Meter Cabinets:**

The proposed Specification has been issued for comment.

Representative: P. J. Botes.

**SABS 97 — Paper Insulated Cables for General Purposes.**

The revision of this Specification is being translated prior to sending it out for comments.

Representative: G. C. Theron.

**Standard Test Methods for Electric Cables and Flexible Cords:**

This Code of Practice is now being edited before submitting same to the Council of the SABS for approval.

Representative: G. C. Theron.

**Induction Motors:**

Two meetings of the committee were held during the past year. It is anticipated that the draft for comment will be ready in the near future.

Representative: P. J. Botes.

**Electrical Arc Welding Transformers:**

One meeting of the committee was held.

Representative: J. K. von Ahlfen.

**Gebruikskode vir die klassifikasie en keuse van elektriese toerusting in gevaarlike plekke:**

Vier vergaderings, twee deur die werkende groep en twee deur die hoofkomitee, is gehou en die dokument word nou voorberei vir die inwag van kommentaar.

Verteenwoordiger: L. Fletcher.

**Spesifikasie vir vonklose elektriese toerusting vir gebruik in klas 1 afdeling 2 plekke:**

Dusver is twee vergaderings gehou en 'n aantal punte wat die werkende groepe betref is per brief en telefoon afgehandel. Voortvloeiende vanaf die tweede vergadering is 'n aantal probleme na die werkende groepe verwys. Weens die ingewikkelde aard van die aangeleentheid sal minstens nog een vergadering van die komitee nodig wees voordat die dokument gereed sal wees om vir kommentaar uitgestuur te word.

Verteenwoordiger: J. J. Barrie.

**SABS 158 — Elektriese ketels en soortgelyke elektriese toestelle vir die verhitting van vloeistowwe:**

**SABS 160 — Elektriese lugverwarmers:**

**SABS 784 — Stanggeleierskagte:**

**SABS SV 134 — Veiligheidspeksifikasie vir huishoudelike elektriese yskaste en kosbevroersers:**

Hierdie spesifikasies en gebruikskodes is almal deur die raad van die S.A.B.S. op 23 Augustus 1965 goedgekeur.

**SABS 153 — Elektriese Stowe en warmplate:**

**SABS 157 — Elektriese broodroosters:**

**SABS 159 — Elektriese strykkysters:**

Hierdie spesifikasies is op 22 Augustus 1966 deur die raad van die S.A.B.S. goedgekeur.

**Meterkaste:**

Die voorgestelde spesifikasie is vir kommentaar vrygestel.

Verteenwoordiger: P. J. Botes.

**SABS 97 — Papier geïsoleerde kabel vir algemene doeleindes:**

Die hersiene spesifikasie word tans vertaal voordat dit vir kommentaar uitgestuur word.

Verteenwoordiger: G. C. Theron.

**Standaard toetsmetodes vir elektriese kables en buigbare koorde:**

Hierdie gebruikskode word nou gereedigeer voordat dit aan die raad van die S.A.B.S. vir goedkeuring voorgelê word.

Verteenwoordiger: G. C. Theron.

**Induksie Motors:**

Twee vergaderings van die komitee is gedurende die jaar gehou. Daar word verwag dat die konsep binnekort vir kommentaar gereed sal wees.

Verteenwoordiger: P. J. Botes.

**Elektriese boog-sweistransformators:**

Een vergadering van die komitee is gehou.

Verteenwoordiger: J. K. von Ahlfen.

#### SABS 780 — Distribution Transformers:

This Specification was approved by the Council of the SABS on the 5th December, 1966. This specification should have a great bearing on reduced cost of manufacture and streamlined inspection and tests since transformers bearing the mark would be quality controlled, tested and inspected to the Bureau's satisfaction.

Representative: F. L. Knobel.

#### SABS 833 — High and Low Voltage Bushings, and

#### SABS 834 — Standard Bushing Insulators:

These Specifications were also approved by the Council of the SABS on the 5th December, 1966. They should assist in improving economics and interchangeability as a number of standard bushings with hardware for use on low and high voltage up to 33 kV are detailed.

Representative: C. Lombard.

#### SABS 177 — High Voltage Porcelain and Glass Line Insulators:

This Specification is being revised in order to bring it into line with I.E.C. testing procedures and standard ratings.

Representative: F. J. Sulter.

#### Fittings for Overhead Power Lines:

In order to standardize the fittings used on overhead power lines a specification is being prepared in two stages, viz.:

Part A — Non-current carrying fittings,

Part B — Current carrying fittings.

Representative: E. L. Smith.

#### Cable End Boxes for Distribution Transformers:

Work on this project is proceeding.

Representative: F. L. Knobel.

#### 4. NEW PROJECTS

##### 4.(1) SABS 176 — Porcelain Cleats, Bobbins and Leading-in Tubes:

The Council of the SABS approved the revision of this specification in order to include commodities made of materials other than ceramic.

##### 4.(2) Specification for Insulation Levels for Electrical Equipment:

A specification is to be drawn up in order to clarify problems connected with insulation at altitudes above 1000 m. (3,300 ft.). In conjunction with this specification a Code of Practice to lay down acceptable impulse voltage testing procedures will be prepared.

##### 4.(3) CKS Specifications for Battery Chargers and for Battery terminals and Connectors:

Work on these Specifications has been commenced.

#### C.S.I.R. REPORT: NATIONAL RESEARCH INSTITUTE OF MATHEMATICAL SCIENCES ADVISORY COMMITTEE FOR ELECTRICAL ENGINEERING

A.M.E.U. Representative: G. C. THERON

This committee met once during 1966 and reviewed the work of the electrical engineering division as well as the

#### SABS 780 — Distribusie transformators:

Hierdie spesifikasie is deur die raad van die S.A.B.S. op 5 Desember 1966 goedgekeur. Hierdie spesifikasie behoort baie by te dra om die vervaardigingskoste te verminder en ondersoek en toets te vereenvoudig aangesien transformators wat die merk dra die buro sal moet bevredig ten opsigte van kwaliteit, toets en inspeksies.

Verteenwoordiger: F. L. Knobel.

#### SABS 833 — Hoog- en laagspanningdeurvoerings:

#### SABS 834 — Standaard deurvoering-isolators:

Hierdie spesifikasie is ook op 5 Desember 1966 deur die raad van die S.A.B.S. goedgekeur. Dit behoort by te dra om ekonomiese en uitwisselbaarheid te bevorder aangesien 'n aantal standaard deurvoerings en toebehore vir gebruik op laag- en hoogspanning tot 33 K.V. aangegee word.

Verteenwoordiger: C. Lombard.

#### SABS 177 — Hoogspanning porselein en glas lynisolators:

Hierdie spesifikasie word hersien ten einde dit by I.E.C. toetsvoorskrifte en standaard groottes aan te pas.

Verteenwoordiger: F. J. Sulter.

#### Toebehore vir bogronde kraglyne:

Ten einde die toebehore vir gebruik op bogronde kraglyne te standaardiseer word 'n spesifikasie in twee dele voorberei n.l.

Deel A : nie-stroomdraende toebehore;

Deel B : stroomdraende toebehore.

Verteenwoordiger: E. L. Smith.

#### Kabel-entkaste vir distribusie transformators:

Werk op hierdie spesifikasie gaan nog voort.

Verteenwoordiger: F. L. Knobel.

#### 4. NUWE PROEKTJE

##### 4.(1) SABS 176 — porselein klampe, tolle en invoerbuis:

Die raad van die S.A.B.S. het die hersiening van die spesifikasie om voorsiening te maak vir die gebruik van ander materiale as net keramiek, goedgekeur.

##### 4.(2) Spesifikasie vir isolasiepeile vir elektriese toerusting:

'n Spesifikasie gaan opgestel word ten einde die probleme verbode aan isolering by hoogtes bo 1,000 m. (3,300 vt.) op te klaar. Om aan te pas by die spesifikasie sal 'n gebruikskode opgestel word om aanvaarbare prosedures vir die doen van impuls-spanningstoets vas te lê.

##### 4.(3) CKS Spesifikasies vir batterylaaiers en batteryklemme en verbindings:

Daar is reeds met die werk aan hierdie spesifikasies 'n aanvang gemaak.

#### W.N.N.R. VERSLAG: NASIONALE NAVORSINGSINSTITUUT VIR WISKUNDIGE WETENSAPPE ADVISERENDE KOMITEE VIR ELEKTROTEGNIESE INGENIEURSWESE

V.M.E.O. Verteenwoordiger: G. C. THERON

Hierdie komitee het eenkeer gedurende 1966 vergader om die werksaamheid van die afdeling vir elektrotegniese in-

planning of future projects. The work of the institute is also hampered by a shortage of staff and some projects had to be postponed.

A paper is being read at this convention to review some of the electrical engineering work of the C.S.I.R. of interest to local authorities.

#### REPORT OF THE HOT-DIP GALVANISED ZINC COATING SUB-COMMITTEE

A meeting of the South African Bureau of Standards committee was held on 21st February 1967 when zinc coatings on steel wire used for electrical purposes and zinc coatings on steel sheet used for cladding and buildings was discussed and the representatives of the users, being the municipalities, Escom, Railways and the Post Office, pressed for maximum practicable coatings. A further meeting to finalise this aspect is to be held.

P. A. GILES,  
Representative.

6th March, 1967.

#### REPORT OF THE LEVEL PRICE TENDERING SUB-COMMITTEE

The questionnaire drawn up by the Board of Trade and Industries in regard to individual and collective resale price maintenance, i.e., level price tendering, was completed by the sub-committee and sent to the Board in June 1965.

Subsequently, the Board has desired the attendance of a representative of the Association at a meeting on 5th April 1967 to discuss issues arising from the Association's representations. The convener will attend this meeting and further developments are awaited.

P. A. GILES,  
Convener.

6th March, 1967.

#### REPORT OF RIGHTS OF SUPPLY AND GENERATION SUB-COMMITTEE

Following the report of this sub-committee to the Technical Meeting at Bloemfontein, the sub-committee met on the 3rd May, 1966, when the subject was considered and the following conclusions were drawn as the views of the Association:-

- (a) Municipalities should be permitted to take over incorporated areas on agreed terms. The right should

genieurswese en die beplanning van toekomstige projekte in oëskop te neem. Die werk van die instituut word deur 'n tekort aan personeel gekortwiek en enkele projekte moes uitgestel word.

'n Referaat word by hierdie konvensie aangebied om 'n oorsig te gee van die werksaamhede van die W.N.N.R. op die gebied van elektrotegniese ingenieurswese van belang vir plaaslike besture.

#### VERSLAG VAN DIE SUBKOMITEE INSAKE WARMDOMPEL-GEGALVANISEERDE SINKLAE

'n Vergadering van die Komitee van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde is op 21 Februarie 1967 gehou, by welke geleentheid die versinking van staaldraad wat vir elektriese doeleindes gebruik word en die sinkbedekking van staalplate wat vir bou- en omhuldoeleindes gebruik word, bespreek is. By hierdie vergadering het die gebruikers, naamlik die munisipaliteite, EVKOM, die Spoorwee en die Poskantoor, aangedring op die maksimum-bedeeking wat prakties moontlik is. 'n Verdere vergadering sal gehou word om hierdie aspekte te finaliseer.

P. A. GILES,  
Verteenwoordiger.

6 Maart 1967.

#### VERSLAG VAN DIE SUBKOMITEE INSAKE DIE AANBIEDING VAN GELYKE PRYSE

Die vraelys wat deur die Raad van Handel en Nywerheid opgestel is in verband met die individuele en gesamentlike handhawing van herverkooppryse, d.w.s. die aanbidding van gelyke pryse, is in June 1965 deur die subkomitee voltooi en aan die Raad gestuur.

Die Vereniging is hierop versoek om 'n verteenwoordiger te stuur na 'n vergadering van die Raad wat op 5 April 1967 gehou sal word om sake wat uit die Vereniging se vertoë voorspruit, te bespreek. Die sameroeper sal hierdie vergadering bywoon en verdere verwikkelinge word afgewag.

P. A. GILES,  
Sameroeper.

6 Maart 1967.

#### VERSLAG VAN DIE SUB-KOMITEE INSAKE VERSKAFFINGSREGTE EN ONTWIKKELING

Na aanleiding van die verslag van hierdie Sub-komitee aan die Tegniese Vergadering te Bloemfontein, het die Sub-komitee weer op 3 Mei 1966 byeen gekom om die saak te oorweeg en die onderstaande gevolgtrekkings is as die Vereniging se sienswyses te boek gestel:-

- (a) Munisipaliteite behoort toegelaat te word om ingelyfde gebiede oor te neem op voorwaardes waarvoor

also be accorded to the Municipality to take over Escom's licence and equipment on agreed terms.

- (b) Where a Municipality infringes into an Escom licensed area, unless Escom provides that Municipality with bulk supply, the means must be devised for allowing a self generating authority to take over Escom's licence for that area.
- (c) An element of stability should be accorded to Escom's tariff and upward revisions of the tariff should be held over for five year periods, utilising tariff stabilisation funds.
- (d) The principle of taking profits for the relief of rates should be accorded to Local Authorities.
- (e) To meet very rapidly changing modern conditions it should be acknowledged as necessary for local authorities to subsidise themselves from their trading undertakings.
- (f) The information submitted to the Administrator by Escom when considering new schemes should be submitted to the affected Municipalities before a decision is taken.
- (g) In view of the rapidly changing circumstances in which Local Authorities find themselves with tremendous liabilities, particularly resulting from motor traffic, expressways and ancillary services, it is necessary to conceive town planning on an autonomous basis, with Municipalities responsible for providing the services and being possessed of sufficient sources of revenue to do so.

The conclusions set out in (a) to (g) above were supported by the United Municipal Executive at its meeting on 23rd and 24th August 1966 and the Association was requested to proceed with the drafting of a full memorandum which should include the following additional points raised at the United Municipal Executive meeting:-

- (a) The gradual development of Escom into a monopolistic concern for the generation of electricity in spite of anti-monopolistic legislation (Act No. 24 of 1955). In this process the rights of local authorities are being assailed and their plans for the extension of their power generating plants are delayed.
- (b) The inequity of Escom acting as advisers to the Provincial Administrations on which heavy capital commitments have been incurred, if in the end their power undertakings are displaced by Escom, with special reference to the Orange and Kunene Rivers hydro-electric projects.

ooreengekom kan word. Die Munisipaliteit behoort ook die reg te hê om Evkom se lisensie en toerusting op ooreengekome voorwaardes oor te neem.

- (b) In gevalle waar 'n munisipale gebied oorskry op 'n gebied ten opsigte waarvan EVKOM 'n lisensie het en, tensy daardie Munisipaliteit 'n grootmaat — voorraad vanaf EVKOM kry, behoort die middel gevind te word om 'n plaaslike owerheid wat sy eie krag ontwikkel, toe te laat om EVKOM se lisensie ten opsigte van daardie gebied oor te neem.
- (c) Evkom se tariewe behoort met 'n element van vastigheid beklee te word, en tariefherienings wat verhogings meebring, behoort slegs elke vyf jaar oorweeg te word, terwyl tarief-stabilisasiefondse in die tussentye aangewend behoort te word.
- (d) Die beginsel daarvan om winste ter verligting van belastinge aan te wend, behoort slegs ten opsigte van plaaslike owerhede te geld.
- (e) Daar behoort erken te word dat dit, weens snel-veranderende moderne toestande, vir plaaslike owerhede nodig is om hulself met winste uit hul handels-ondernemings te subsidiëer.
- (f) Die inligting deur Evkom aan die Administrateur verstrekk wanneer nuwe skemas oorweeg word, behoort aan die Munisipaliteite wat daarby betrokke is, voorgeleg te word voordat 'n beslissing gevel word.
- (g) Met die oog op die snel-veranderende omstandighede waarin plaaslike besture hulself bevind en die gewelddige verpligtinge wat dit meebring, veral wat betref motorverkeer, snelwee en dienste wat daarmee saamval, is dit nodig dat stadsbeplanning op 'n outonome grondslag aangepak word, sodat Munisipaliteite die verantwoordelikheid vir die verskaffing van die dienste sal aanvaar en terselfdertyd genoegsame bronne van inkomste sal hê om hulle in staat te stel om dit te doen.

Die gevolgtrekkinge in (a) tot (g) hierbo uiteengesit, is op sy vergadering van 23 en 24 Augustus 1966 deur die Verenigde Munisipale Bestuur ondersteun, en hierdie Vereniging is versoek om voort te gaan met die opstelling van 'n omvattende memorandum, waarin die volgende bykomende punte wat by die vergadering van die Verenigde Munisipale Bestuur geopper is, vervat is:-

- (a) Die geleidelike ontwikkeling van Evkom tot 'n monopolistiese organisasie vir die opwekking van elektrisiteit, tensypte van wetgewing ter besnyding van monopolistiese toestande (Wet No. 24 van 1955). In hierdie proses word die bevoegdheid van plaaslike besture aangetas en hulle planne ter uitbreiding van hul krag-ontwikkelingsinstallasies word vertraag.
- (b) Die onregverdigheid daarvan dat Evkom ootree as raadgevers vir die Provinsiale Administrasies, deur wie swaar kapitale verpligtinge aangegaan is, indien laasgenoemde se kragverskaffingsondernemings uitsluitend deur Evkom vervang word. In hierdie ver-



A sub-committee meeting on 25th November 1966 adopted the terms of a full memorandum which was dated 6th December 1966, embodying the above ten points. It was submitted to the United Municipal Executive for consideration at its meeting in February 1967 and at this meeting it appears that the United Municipal Executive appointed a sub-committee to redraft the memorandum prior to submission to the Minister.

P. A. GILES,

6th March, 1967.

Convener.

### REPORT OF THE

#### S.A. NATIONAL COMMITTEE OF THE INTERNATIONAL ELECTRO-TECHNICAL COMMISSION

Apart from normal participation in all the active committees of the International Electro-technical Commission, it may be reported that the annual general meeting of the I.E.C. held in Tel Aviv from 3rd to 14th October, 1966, was attended by five South African delegates, two of whom were from Industry. The industries concerned were the Electrical Accessories industry and the Winding Wire industry. There were approximately 500 delegates and the meeting covered 23 technical committees.

Of particular interest was the work on electrical appliances. Because of the experience gained by the application of the Standardisation Mark Scheme in the Republic of South Africa, the South African delegation was able to contribute much useful information.

Work on winding wires also deserves special mention since we have several firms concerned with the manufacture of this strategic commodity. The work on insulation should also be singled out particularly as it stressed the fact that more attention should be paid to the specification and testing of this basic electrical material.

A far reaching decision was made when it was agreed to divide the study of insulation into three divisions, viz:-

- (a) Insulating Material.
- (b) Insulating Systems.
- (c) The insulation of Equipment.

It was also decided to form a new committee concerned with safety requirements for electrical appliances and equipment. This is of great importance in South Africa in view of the compulsory specifications we have in this regard.

D. J. HUGO,

15th February, 1967.

Representative.

band word spesiaal na die hidro-elektriese projekte van die Oranje- en Kuneneriviere verwys.

By 'n sub-komiteevergadering op 25 November 1966 is die bewoording aanvaar van 'n omvattende memorandum, gedateer 6 Desember 1966, waarin die bogenoemde tien punte vervat is. Hierdie memorandum is aan die Verenigde Munisipale Bestuur 'n sub-komitee aangewys het om die memorandum te herformuleer voordat dit aan die Minister voorgelê word.

P. A. GILES,

6 Maart, 1967.

Sameroeper.

### VERSLAG VAN DIE

#### S.A. NASIONALE KOMITEE VAN DIE INTERNASIONALE ELEKTROTEGNIËSE KOMMISSIE

Afgesien van normale deelname in al die aktiewe komitees van die Internasionale Elektrotegniese Kommissie, kan ook gerapporteer word dat die Jaarlikse Algemene Vergadering van die I.E.K. wat van 3 tot 14 Oktober 1966 in Tel Aviv gehou is, bygewoon is deur vyf Suid-Afrikaanse afgevaardigdes, van wie twee uit die industriële sektor was. Die betrokke industriële was die Elektriese onderdele-industrie en die Wikkeling-draadindustrie. Daar was in totaal sowat 500 afgevaardigdes en 23 afsonderlike tegniese komitees.

Van besondere belang was die werk op elektriese toestelle. As gevolg van die ondervinding verkry deur die toepassing van die Standaardmerkskema in die Republiek van Suid-Afrika, kon die Suid-Afrikaanse afvaardiging baie bruikbare inligting verskaf.

Die werk in verband met wikkeldraad verdien ook spesiale aandag omdat ons verskeie firmas het wat hierdie belangrike handelsartikel vervaardig. Die vooruitgang op die gebied van isolasiemateriaal gerverdig ook spesiale vermelding veral omdat gevoel is dat meer aandag aan die spesifikasie en toets van hierdie basiese elektriese onderdeel gesken behoort te word.

'n Vereikende besluit is geneem toe daar besluit is om die bestudering van isolasiemateriaal in drie groepe te verdeel. nl.:-

- (a) Isolasiemateriaal.
- (b) Isoleerstelsels.
- (c) Die Isolasië van Apparaat.

Daar is ook besluit om 'n nuwe komitee, belas met die veiligheidsvereistes vir elektriese toestelle en apparaat, in die lewe te roep. Omdat Suid-Afrika verpligte spesifikasies ten opsigte van veiligheid het, is die stigting van die bogenoemde komitee vir ons van besondere belang.

D. J. HUGO,

15 Februarie, 1967.

Verteenwoordiger

## ANNUAL REPORT

### S.A.I.E.E. COMMITTEE TO REVISE THE CODE OF PRACTICE FOR OVERHEAD LINES FOR CONDITIONS PREVAILING IN SOUTH AFRICA

As has previously been reported, the Committee has completed its work and the revised code has been published.

Copies can be obtained from the Secretary, The S.A. Institute of Electrical Engineers, P.O. Box 5907, Johannesburg.

C. LOMBARD,  
Representative.

### ANNUAL REPORT OF THE RECOMMENDATIONS COMMITTEE FOR NEW ELECTRICAL COMMODITIES

Two meetings were held during the year under review and A.M.E.U. members were advised of all recommendations through the medium of the News Bulletin.

Compared with the year before, there has been a marked increase in the number of applications received. All of those which were considered to fall within the scope of the Committee's work have been finalised.

In view of the fact that Consulting Engineers are not represented on the Committee, the S.A. Association of Consulting Engineers has been invited to nominate a representative and alternate to serve on it but have not yet responded to this invitation.

Our thanks are due to the representatives of the S.A. Bureau of Standards, the Electricity Supply Commission, the S.A.I.E.E. Wiring Regulations Committee, the Electrical Contractors Association of South Africa, the Johannesburg City Council and the Electrical Engineering and Allied Industries Association for their generous and valuable assistance and service on the Committee. We also thank the S.A. Bureau of Standards for its co-operation in carrying out tests on commodities where necessary.

C. LOMBARD,  
Convener.

## ANNUAL REPORT

### ELECTRICAL WIREMEN'S REGISTRATION BOARD

The Board was constituted as follows during 1966:

Chairman: Mr. J. G. Wannenburg  
Members: Mr. J. M. Fraser  
Mr. F. Leemans  
Mr. T. Gregg  
Mr. C. Lombard  
Mr. J. J. Gerber

Eleven ordinary meetings were held during the year and the applications of 709 persons applying for registration were

## JAARVERSLAG

### S.A.I.E.E.-KOMITEE BELAS MET DIE HERSIENING VAN DIE GEBRUIKSKODE VIR BOGRONDSE LYNNE VIR TOESTANDE SOOS IN SUID-AFRIKA AANGETREF

Soos vantevore gerapporteer het die Komitee sy opdrag afgehandel en die hersiene gebruikskode is gepubliseer.

Afskrifte is verkrygbaar van die Sekretaris, Die S.A. Instituut van Elektrotegniese Ingenieurs, Posbus 5907, Johannesburg.

C. LOMBARD,  
Verteenwoordiger.

### JAARSVERSLAG VAN DIE KOMITEE BELAS MET AANBEVELINGS T.O.V. NUWE ELEKTRIESE HANDELSARTIKELS

Twee vergaderings is gedurende die onderhawige jaar gehou en alle aanbevelings is deur middel van die Nuisbulletin aan V.M.E.O. lede oorgedra.

Vergeleke by die vorige jaar, was daar 'n merkbare toename in die aantal aansoeke ontvang. Alle aansoeke wat beskou was om binne die bestek van die Komitee se werksaamhede te ressorteer is afgehandel.

Aangesien Raadgewende Ingenieurs nie verteenwoordiging in die Komitee het nie is 'n uitnodiging aan die S.A. Vereniging van Raadgewende Ingenieurs gerig om 'n verteenwoordiger en 'n plaasvanger te benoem om in die Komitee te dien maar hulle het sover geen antwoord gegee nie.

Ons is dank verskuldig aan die verteenwoordigers van die S.A. Buro vir Standaarde, die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie, die S.A.I.E.E. Bedravingsregulasieskomitee, die Elektrotegniese Aannemersvereniging van Suid-Afrika, die Johannesburgse Stadsraad en die Elektrotegniese Ingenieurswese en Geallieerde Nywerhede Vereniging vir hul gulle en waardevolle hulp en diens in die Komitee. Ons dank ook aan die S.A. Buro vir Standaarde vir hulle samewerking met die toets van toerusting waar nodig.

C. LOMBARD,  
Saamroeper.

## JAARVERSLAG

### REGISTRASIERAAD VIR ELEKTROTEGNIESE DRAADWERKERS

Die Raad was soos volg saamgestel vir 1966:

Voorsitter: Mnr. J. G. Wannenburg  
Lede: Mnr. J. M. Fraser  
Mnr. F. Leemans  
Mnr. T. Gregg  
Mnr. C. Lombard  
Mnr. J. J. Gerber

Daar is elf gewone vergaderings gedurende die jaar gehou en 709 persone se aansoeke om registrasie is oorweeg; daarvan

considered of which 679 were accepted as candidates for the prescribed examinations. The number of provisional registration certificates granted or renewed totalled 791.

Five written examinations were conducted at the 29 examination centres in the Republic during the year, the total number of candidates involved being 849.

There were also 14 practical examinations at the eight principal centres during the year and 206 of the 563 candidates entered were successful.

Several oral examinations were arranged for persons who, for various reasons, were unable to undergo the written examination.

The number of registration certificates issued during the year totalled 333 bringing the total issued since 1940 to 9554.

Bantu are now applying in increasing numbers for registration and the Central Organisation for Trade Testing of the Department of Education, Arts and Science is making special arrangements to enable them to undergo the examination.

Facilities have in the past been provided to enable immigrants who are not sufficiently proficient in one of the official languages, to write the examination in their native language. Arrangements have now also been made to set examination papers for immigrants in their native language and the first examination on these lines will be held during April, 1967. For understandable reasons, a minimum number of six candidates in any language group must apply for this facility before it can be made available.

Only one Advisory Committee has so far been established namely at Durban, and the work done by this Committee has been of considerable assistance to the Board.

Several amendments to the Electrical Wiremen and Contractors Act are under consideration, but these have not yet been finalised. All parties concerned will, in due course, be advised of the proposed amendments and will be given an opportunity to submit their comments.

The lack of uniformity in the wiring regulations in force and applied by the various supply authorities in the Republic is viewed with considerable concern by the Board, as all examinations for wiremen are based on the latest edition of the Standard Regulations for the Wiring of Premises. Even more unsatisfactory is the fact that some supply authorities have not formally adopted any wiring regulations which means that there is not set standard for the purpose of inspecting and testing wiring installations.

In conclusion, I wish to thank the Board for making the statistics quoted available to me for inclusion in this Report.

C. LOMBARD,  
Representative.

is 679 aangeneem as kandidate vir die voorgeskrewe eksamens. 'n Totaal van 791 voorlopige registrasiesertifikate is goedgekeur of hernu.

Gedurende die jaar is vyf skriftelike eksamens in die 29 eksamen-sentrums in die Republiek afgeneem. Altesaam 849 kandidate was daarby betrokke.

Daar was ook 14 praktiese eksamens in die 8 vernaamste sentrums gedurende die jaar en 206 uit die 563 ingeskrewe kandidate was suksesvol.

Reëlings is getref vir die aflê van mondelinge eksamens waar persone, wat om verskeie redes, nie in staat was om die skriftelike eksamens af te lê nie.

'n Totaal van 333 registrasiesertifikate is gedurende die jaar uitgereik en daarmee kom die totaal sedert 1940 nou op 9554 te staan.

Bantoes doen ook in toenemende getalle aansoek om registrasie en die Sentrale Organisasie belas met vakoetse in die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap maak spesiale reëlings om dit vir hulle moontlik te maak om die eksamens af te lê.

In die verlede is fasiliteite daargestel om immigrante wat nie voldoende bedrewe in een van die amptelike landstale is nie, in staat te stel om die eksamens in hulle eie taal af te lê. Reëlings is nou ook getref vir die opstel van eksamenverreëls in immigrante se eie taal en die eerste eksamen op hierdie grondslag sal in April 1967 aangebied word. Om verstaanbare redes sal daar 'n minimum van ses kandidate in 'n taalgroep moet wees om hierdie fasiliteit beskikbaar te stel.

Slegs een Advieskomitee het sover tot stand gekom, naamlik in Durban. Die werk deur hierdie Komitee gedoen was van aansienlike waarde vir die Raad.

Verskeie wysings aan die Wet op Elektrotegniese Draadwerkers en Aannemers word tans oorweeg, maar is nog nie afgehandel nie. Alle belanghebbende instansies sal mettertyd kennis kry van die voorgestelde wysings en ook die geleentheid om kommentaar daarop te lewer.

Die gebrek aan eenvormigheid in die bedravingsregulasies in werking en toegepas deur die verskeie voorsieningsondernemings in die Republiek word met 'n mate van besorgdheid deur die Raad beskou aangesien alle eksamens vir draadwerkers volgens die jongste uitgawes van die Standaard Regulasies vir die Bedrading van Persele opgestel word. Nog meer onbevredigend is die feit dat sommige voorsieningsowerhede formeel nog geen bedravingsregulasies aangeneem het nie, m.a.w. daar is geen voorgeskrewe standaard om bedravingsaanlegte te inspekteer of toets nie.

Ten besluite wil ek graag die Raad bedank vir die skikbaarstelling van die statistieke syfers vir gebruik in hierdie verslag.

C. LOMBARD,  
Verteenwoordiger.

## REPORT ON THE STANDARD REGULATIONS FOR THE WIRING OF PREMISES

At its meeting on 4th August 1966, the Committee dealt with a number of proposals received from its Cape-Western and Natal regional sub-committees, the Association of Municipal Undertakings, the South African Bureau of Standards, the Department of Labour, consultants, manufacturers and arising from general correspondence. It was resolved to issue 1966 amendments to the regulations following the 1963 amendments and printing, translation and issue was completed by February 1967.

The more important amendments related to the positioning and earthing of socket outlets, and fixed washing machines, dishwashers, stoves, water heaters and garbage disposal units and the alternatives of isolating transformers or earth leakage devices were specified. These amendments permitted the strict application of the regulations to all installations (including hairdressing saloons, laundries and laboratories) constructed or altered subsequent to 1st January 1967.

At the August 1966 meeting of the Committee, the recently-issued 14th Edition of the Wiring Regulations of the London Institution of Electrical Engineers was not yet available for study.

Up to the end of 1966 several thousand copies of the Institute's Wiring Regulations had been sold since the first publication in September 1940, and demand is heavy for the 1966 amended edition. Separate amendments running to three printed pages are available for alteration of the 1963 edition.

R. LEISHMAN, Chairman

## REPORT OF SOUTH AFRICAN ELECTROLYTIC CORROSION COMMITTEE

Since no report was submitted at the 1966 Bloemfontein one day technical meeting, this report covers the two years since the May 1965 Port Elizabeth Convention.

The tenth and final meeting of the Witwatersrand Electrolysis Main Committee was held in Johannesburg on 3rd June 1965. The main business was to discuss a draft constitution covering a re-organisation of the Main and Field Committees controlling the Republic's electrolysis problems and expanding the field of representation. This was necessitated by the large extensions to railway electrification, pipelines for water, gas and oil and prospective country-wide power transmission lines.

The inaugural meeting of the South African Electrolytic Corrosion Committee was held in Johannesburg on 24th May 1966, for the formal adoption of the draft constitution and the formation of Regional Field Committees at Cape Town, Durban and Johannesburg. Committees in other regions will be established as and when required and will report back to

## VERSLAG OOR DIE DIE STANDAARD-REGULASIE VIR DIE BEDRAING VAN PERSELE

Die Komitee het op 4 Augustus 1966 oorweging geskenk aan etlike voorstelle wat van sy Wes-Kaaplandse en Natalse streeksonderkomitees, die Vereniging van Munisipale Elektriesiteitsondernemings, die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, die Departement van Arbeid, raadgewers en vervaardigers ontvang is en wat uit algemene briefwisseling voortgespruit het. Daar is besluit om die regulasies, wat in 1963 gewysig is, verder te wysig, en dié wysigings is gedruk en vertaal en teen Februarie 1967 uitgereik (die 1966-wysigings).

Die belangrikste wysigings geld die ligging en aarding van uitgangkontakte, vaste wasmasjiene, skottelgoedwasmasjiene, stowe, waterverwarmers en afvalwegruimingsenheede, en alternatiewe metodes vir die isolering van transformators en aardlekteestele is gespesifiseer. Danksy hierdie wysigings kan die bepaling van die regulasies nou streng op alle installasies (met inbegrip van haarkappersalonne, wasserye en laboratoriums) wat na 1 Januarie 1967 opgerig of verander is, toegepas word.

Die veertiende uitgawe van die Wiring Regulations of the London Institution of Electrical Engineers, wat onlangs verskyn het, was nog nie beskikbaar toe die Komitee in Augustus 1966 vergader het nie en kon dus nie bestudeer word nie.

Daar is tot aan die einde van 1966 reeds etlike duisende eksemplare van die Instituut se Bedraingsregulasies wat vir die eerste keer in September 1940 gepubliseer is, verkoop, en daar is 'n groot vraag na die gewysigde uitgawe van 1966. Drie gedrukte bladsye wysigings is beskikbaar ter aanvulling van die uitgawe van 1963.

R. LEISHMAN, Voorsitter.

## VERSLAG VAN DIE SUID-AFRIKANE KOMITEE INSAKE ELEKTROLITIESE KORROSIE

Daar is nie 'n verslag op die tegniese vergadering van een dag wat in 1966 in Bloemfontein gehou is, voorgelê nie, en hierdie verslag dek dus die twee jaar wat verloop het sedert die Konvensie wat in Mei 1965 in Port Elizabeth gehou is.

Die tiende en laaste vergadering van die Witwatersrandse Hoofkomitee insake Elektrolise is op 3 Junie 1965 in Johannesburg gehou. Die hoofbesprekingspunt was die konsepstatute waarkragens die Hoof- en Veldkomitees wat die Republiek se elektrolisevraagstukke bekamp, gereorganiseer en die veertienwoordigingsveld uitgebrei word. Die elektrifisering van die spoorweë in toenemende mate en die gewelddige uitbreiding in verband met water-, gas- en oliepleidings en die landsweye tramstelselne het dit genoodsaak.

Die eerste vergadering van die Suid-Afrikaanse Komitee insake Elektrolitiese Korrosie is op 24 Mei 1966 in Johannesburg gehou ten einde die konsepstatute formeel goed te keur en streeksveldkomitees vir Kaapstad, Durban en Johannesburg te benoem. Die komitees in ander streke sal gestig word na

the Main Committee which will issue Codes of Practice as necessary.

Regional Field Committees are currently busy preparing plans of the many underground services in their areas susceptible to electrolytic attack, doing field tests on direct current circulation and preparing plans for properly co-ordinated protective measures.

R. LEISHMAN,  
A.M.E.U. Representative on Main Committee

#### REPORT OF THE CO-ORDINATING COMMITTEE FOR HIGH-VOLTAGE FACILITIES

On 26th April 1966, a meeting of the full Committee was held representing the C.S.I.R., S.A.B.S., Escom, Universities, S.A.R. & H. and A.M.E.U. They reviewed the research programmes in hand relating to high voltage and the facilities available at various centres.

Subsequently a small sub-committee of the above body met to consider means of furthering the work of the main Committee. It was decided that three members be nominated to investigate work which should be undertaken under three headings:-

1. Professor Bozoli — H.V. testing of insulation and effects of voids, ionisation, etc.
2. Professor Heymann — Ionisation and corona.
3. Mr. Anderson — Lighting and long spark discharges.

It is proposed to hold a one-day symposium at Kelvin House, Johannesburg, during August at which a review will be given of work being done in the high-voltage field and contributions and suggestions regarding desirable subjects for research will be welcomed.

March, 1967.

gelang dit nodig is en hulle sal aan die Hoofkomitee verslag doen. Die Hoofkomitee sal dan die nodige gebruikskodes uitreik.

Die Streeksveldkomitees stel tans planne op van die tal van ondergrondse stelsels in hulle gebiede wat aan elektrolitiese korrosie onderhewig is. Hulle voer ook veldtoetse in verband met gelykstroomette uit en stel planne op waarvolgens behoorlik gekoördineerde beveiligingsmaatreëls getref kan word.

R. LEISHMAN,  
V.M.E.-Vertenwoordiger in die Hoofkomitee

#### VERSLAG VAN DIE KOÖRDNERENDE KOMITEE VIR HOOGSPANNINGS- FASILITEITE

'n Vergadering van die volle Komitee is op 26 April 1966 gehou, by welke geleentheid die W.N.N.R., die S.A.B.S., Evkom, die Universiteit, die S.A.S. en H. en die V.M.E.O. verteenwoordig was. Hulle het die navorsingsprogramme in oënskou geneem waaraan tans gewerk word en wat betrekking het op hoogspanning en die fasiliteite wat in die verskillende sentra beskikbaar is.

Later het 'n klein subkomitee van bogemelde liggaam byeengekóm om oorweging te skenk aan metodes waarvolgens die werksaamheid van die hoofkomitee bevorder kan word. Daar is besluit om drie lede te nomineer om ondersoek in te stel na die werk wat onder die volgende drie hoofde uitgevoer behoort te word:-

1. Professor Bozoli — Hoogspanningsisolasië-toetse en die uitwerking van ledige ruimtes, ionisasie, ens.
2. Professor Heymann — Ionisasie en korona.
3. Mnr. Anderson — Weertlig en langvonk-ontladings.

Daar word beoog om gedurende Augustus 'n eendaagse simposium by Kelvinhuis, Johannesburg, te hou, by welke geleentheid die werk wat in verband met hoogspanning gedoen word, onder die vergrootglas sal kom en waar bydraes en wenke omtrent geskikte onderwerpe vir verdere navorsing verwelkom sal word.

R. LEISHMAN,  
Maart 1967. Sameroeper.

## ADMINISTRATION AND DELEGATION PROBLEMS

Councillor H. G. Kipling, A.M.I.E.E., A.M.I. Mech. E.,  
M.S.A.I.L.S.O.

(Chairman, Work's Committee, East London City Council)

I have been asked to say a few words today about administration from the point of view of a municipal councillor. What action a councillor expects of an established administration. What gives rise to the necessity of changing the existing administration, and how such changes can be effected, because it becomes very clear to councillors from time to time, that changes are necessary to deal with a developing situation in the growth of a municipal service. As this discussion in the main centres around the Engineering aspect of the municipal set up, it is coincidental that I as an Engineer should be requested to set out a Councillor's view point in connection with the administration and delegation of problems as they exist at present.

Basically, I feel a councillor is always conscious of his responsibilities, and decisions are taken to effect an harmonious adjustment between these various sectional responsibilities for the benefit of all concerned, although the benefits received may not be as large as the recipients have requested. For the sake of convenience the background responsibilities are listed, not necessarily in order of importance or essentiality but rather as a framework for discussion.

1. Responsibility to the ratepayers.
2. Responsibility of the Council and committees as a whole in the light of previous commitments and precedents.
3. Responsibility to the staff.
4. Responsibility to the needs of the various municipal departments.
5. Responsibilities to the central and provincial governments.

The ramifications of the subject are very wide, and it is not proposed to deal with all of the points mentioned, but rather to pinpoint and concentrate on the responsibility for the needs of a municipal department, leaving other matters for discussion at some future date. However, it is clear that any discussion should be within the framework of the total responsibilities.

### ESTIMATES

One of the first points to arise is the question of estimates, and let's be frank about it, municipal departments do over estimate, the councillors know it, and the departments do themselves a disservice because councillors feel they are being taken for a ride. The result is arbitrary cuts which please no one, least of all the Council, but which have to be made to balance the budget.

## VRAAGSTUKKE VAN ADMINISTRASIE EN DELEGASIE

Raadslid H. G. Kipling, A.M.I.E.E., A.M.I. Mech. E.,  
M.S.A.I.L.S.O.

(Voorsitter, Werkekomitee, Stadsraad van Oos-Londen)

Ek is gevra om vandag 'n paar woorde te sê omtrent administrasie, gesien uit die oogpunt van 'n munisipale Raadslid — watter optrede 'n Raadslid van 'n gevestigde organisasie verwag, wat dit nodig maak om die bestaande administrasie te verander en hoe sulke veranderinge aangebring moet word. Dit word naamlik vir Raadslede van tyd tot tyd baie duidelik dat veranderinge nodig is om met ontwikkelende situasies in die groeiproses van die munisipale diens tred te hou.

Aangesien hierdie bespreking hoofsaaklik met die ingenieursaspekte van die munisipale diens te doen het, is dit heel toevallig dat ek, as 'n ingenieur, gevra is om die standpunte van 'n Raadslid teenoor die administrasie en delegasie van probleme, soos hulle vandag bestaan, uiteen te sit.

Eerstens voel ek dat 'n Raadslid altyd bewus is van sy verantwoordelikhede en dat besluitte geneem word met die oog op die harmonieuse ko-ordnering van hierdie uiteenlopende verantwoordelikhede ten voordele van alle betrokkenes, alhoewel die uiteindelige voordele miskien nie so groot mag wees as waarvoor die persone vir wie dit bestem is, oorspronklik gevra het nie. Gerieflikheidsshalwe word die grondliggende verantwoordelikhede aangedui, nie noodwendig in rangorde van belangrikheid of noodsaaklikheid nie, maar eerder as 'n raamwerk vir die bespreking.

1. Verantwoordelikheid teenoor die belastingbetalers.
2. Verantwoordelikheid van die Raad en sy komitees as geheel in die lig van voorafgaande verbindings en presedente.
3. Verantwoordelikheid teenoor die personeel.
4. Verantwoordelikheid teenoor die behoeftes van die verskillende munisipale departemente.
5. Verantwoordelikheid teenoor die Sentrale Regering en die Provinsiale owerhede.

Die vertakkinge van hierdie onderwerp is besonder wyd en daar word nie beoog om in hierdie verhandeling al die bogenoemde punte te behandel nie, dog eerder om die soeklig te laat val en te konsentreer op die verantwoordelikheid teenoor die behoeftes van 'n munisipale departement. Die ander sake kan oorgelaat word vir bespreking by 'n latere geleentheid. Dit is egter duidelik dat sodanige bespreking binne die raamwerk van die totale verantwoordelikhede van die Raadslid behoort plaas te vind.

### DIE BEGROTING

Een van die eerste sake wat hom aan ons voordoen, is die kwessie van die begroting. Laat ons nou maar eerlik wees: munisipale departemente is geneig om te ruim te begroot; die Raadslede is daarvan bewus en die departemente bewys hulself eintlik daardeur 'n onguns, omdat die Raadslede die gevoel kry dat hulle om die bos gelei word. Die gevolg is 'n reeks arbitrêre besnoeiings wat niemand tevrede stel nie (die Raad self allermins) maar wat tog nodig is om die begroting te laat kloep.

Various reasons are given for the situation, and generally it is found that the engineer achieves his goal, but this does not always ensure that he has the support of the councillors in the matter. This is detrimental for administration of the council's affairs, and is a matter that should receive earnest and careful consideration. Elimination of the practice will lead to harmonious co-operation between councillors and officials.

#### AUTONOMY OF THE ELECTRICITY DEPARTMENT

An interesting feature of the municipal scene which has been observed and commented on by councillors, is the strong growth of the engineering departments concerned with roads, water, sewerage and electricity and it is apparent that this growth will continue by the increasing demand of the services provided for the ratepayers and citizens by these departments. We thus have two departments growing at a faster rate than the others, bringing in its train problems of continuous adjustment pinpointed by the difficulties that arise due to the shortage of engineers and engineering artisans. If this cannot be adjusted within the existing established system, then in my opinion the problems will increase.

The expensive way to handle these problems, is to engage consultants and contractors, but you are still left with the matter of maintenance, for which a staff has to be provided in any case. Since this staff would be in contact with outside staff, there would be a continual drain of trained personnel, from the municipality to consulting engineers and contractors. The municipalities then find themselves in the position of training people who will leave for higher remuneration.

Accepting these arguments leads to the proposal that the engineer's departments should be separated from the normal municipal set up, and given an autonomy of their own to match the pace of their development. There is no suggestion for "empire building", or the creation of a managerial unit in isolation in the municipal set up, resulting in irregularities of application of municipal procedure.

What is envisaged is a managerial unit or units reporting vertically to the Council, wherein responsibility and authority are never separated. In this manner the most effective results can be obtained in meeting an ever changing development, and the departments concerned would operate with maximum control under a responsible engineer, who would be responsible to the Council for all functions of administration.

Every engineer is aware that effective work requires efficient men, and the necessary materials.

Verskillende redes word vir hierdie situasie opgegee, en die Ingenieur bereik gewoonlik sy doel, dog dit beteken nie noodwendig dat hy die steun van die Raadslede in verband met die aangeleentheid geniet nie. Dit het 'n nadelige uitwerking op die administrasie van die Raad se sake en dit is 'n aangeleentheid wat ernstige en deeglike oorweging behoort te geniet. Die uitkakeling van hierdie optrede kan slegs tot meer harmonieuse samewerking tussen Raadslede en amptenare aanleiding gee.

#### OTONOMIE VAN DIE ELEKTRISITEITSDEPARTEMENT

'n Interessante aspek van die munisipale toneel, wat reeds deur Raadslede raakgesien en bespreek is, is die ongekende ontwikkeling van die ingenieursdepartemente wat vir paaie, water, riolering en elektrisiteit verantwoordelik is en dit is duidelik dat hierdie groeitempo sal voortduur, as gevolg van die toenemende vraag na die dienste wat deur hierdie departemente aan die belastingbetalers en die ander inwoners van die dorp gelever moet word. Ons het dus twee departemente wat vinniger groei as die ander, welke feit voortdurende aanpassingsprobleme meebring. Hierdie probleme word vererger deur die moeilikhede wat ondervind word as gevolg van die tekort aan ingenieurs en toepaslik opgeleide amagslui. Indien hierdie probleme nie binne die raamwerk van die bestaande gevestigde stelsel opgelos kan word nie, is ek van mening dat die vraagstukke wat tans ondervind word, eerder sal vermeerder as verminder.

Die probleem kan die hoof gebied word deur konsultante en kontrakteurs in diens te neem, maar dit is 'n duur metode, en dit los nog nie die vraagstuk van instandhouding, waarvoor daar in ieder geval personeel aangehou moet word, op nie. Aangesien laasgenoemde personeel gedurig met personeellede van buite-firmas in aanraking kom, het dit tot natuurlike gevolg dat munisipale personeel voortdurend deur die konsultante en kontrakteurs aangelok word. Die munisipaliteit vind hulself dus in die posisie dat hulle personeel moet oplei, net om hulle dan weer te verloor as gevolg van die hoër besoldiging wat elders aangebied word.

Die aanvaarding van hierdie argumente bring ons by die voorstel dat die ingenieursdepartemente van die res van die normale munisipale opset geskei en met 'n eie otonomie bekleed moet word wat by die tempo van hul ontwikkeling sal aanpas. Dit beteken geensins die bou van keiserryke of die skepping van 'n geïsoleerde bestuurseenheid binne die munisipale diens nie, want dit sal slegs onreëlmatighede in die toepassing van munisipale prosedure-beginsels in die hand werk.

Wat wel in die vooruitsig gestel word, is 'n bestuurseenheid of -eenhede wat vertikaal aan die Raad verslag doen en waarin daar geen skeiding tussen verantwoordelikhede en gesag is nie. Op hierdie wyse kan die mees effektiewe resultate verkry word om 'n steeds veranderende ontwikkelings tempo die hoof te bied en die betrokke departemente kan hul taak volvoer met die grootste moontlike mate van beheer deur 'n verantwoordelike ingenieur, wat vir alle administratiewe funksies aan die Raad aanspreeklik is.

Elke ingenieur weet dat 'n bekwame personeel en die nodige materiaal voorvereistes vir doeltreffende werkverrigting is.

Under present conditions the basic requirement is men, and setting up an autonomous department would require a separate salary grading system for engineers and engineering artisans and technicians. The administrative power to instruct and control engineering staff which at present is a function of the Town Clerk and City Treasurer, would be transferred to the engineer who would take full disciplinary power in the department, with the Staff Committee acting as a court of appeal. In financial matters the engineer would be the responsible officer with the City Treasurer acting in a consultative capacity to the Finance committee. The materials position would remain as at present with the engineer responsible for selection and use, reporting to the Works Committee.

Streamlining the functions of the department vertically downwards from the Council and committees and transferring authority to a channel which could not shelve its responsibilities will in my opinion lead to greater efficiency, promote economy in time and paper work, reduce intrusion by other committees and so present full details to councillors who after all have to concentrate on the problem and make the decisions.

#### PRECEDENT, PRINCIPLE AND POLICY

Among the most frustrating problems with which a councillor has to contend, are these three items.

In municipal parlance, a **Precedent** is an act of administration, authorised by a previous council for reasons best known to themselves. With the passage of time it is impossible to determine the reasons for the voting. Usually no fully reasoned argument is available for consultation, and one is left with the impression rightly or wrongly, that subsequent Councils should not be bound by the precedent created. The value of a precedent lies in its binding effect administratively. It creates a status quo, which must be maintained, but to my mind its usefulness declines with changing circumstances, and its value in any case for decision should be reduced in the light of new developments. However, we still have resolutions carrying the proviso, that the terms thereof must not be regarded as precedents but the value of such a resolution is doubtful.

In regard to resolutions and decisions approved in **Principle**, this is an indefinite position, because if the principle is not implemented there is no binding decision. It therefore follows that the matter goes no further and the whole procedure is obviously a waste of time. If on the other hand the resolution in principle is eventually followed by a decision to take action, then the principle is accepted as council policy which can be taken as binding during the period of office of the Council. In such cases it would appear that a principle is

Onder heersende omstandighede is bekwame personeel die basiese vereiste, en om 'n outonome departement daar te stel, sal daar 'n aparte salarisgraderingstelsel vir ingenieurs en ingenieurs-ambagsmanne en tegnici nodig wees. Die administratiewe bevoegdheid om ingenieurspersoneel te beheer en opdragte aan hulle te gee, wat tans die funksie van die Stadsklerk en die Stadstoesourier is, sal dan oorgedra word aan die Ingenieur, wat dan volle dissiplinêre bevoegdheid in die departement sal oorneem, terwyl die Personeelkomitee die rol van 'n hof van appél sal vervul. Wat finansiële sake betref, sal die Ingenieur die verantwoordelike amptenaar wees, met die Stadstoesourier in die hoedanigheid van finansiële adviseur van die Finansieskomitee. Wat voorraad en materiaal betref, sal die posisie onveranderd bly, d.w.s. die Ingenieur sal verantwoordelik bly vir die seleksie en gebruik daarvan, terwyl hy aan die Werkekomitee verslag doen.

Die stroombelyning van die werksaamhede van die departement vertikaal afwaarts vanaf die Raad en die Komitees en die oordrag van bevoegdheid aan 'n kanaal wat nie sy verantwoordelikhede op die langebaan kan skuif nie, sal na my mening groter doeltreffendheid in die hand werk, besparing van tyd en kantoorwerk bevorder, inmenging deur ander komitees verminder en sodoenste meehelp om volle besonderhede aan die Raadslede te verskaf, wat per slot van sake die persone is wat op die probleme wat ter sake is, moet konsentreer en die beslissings moet vel.

#### PRESEDENTE, BEGINSELS EN BELEID

Hierdie drie sake vorm die mees frustrerende probleme waarmee die Raadslid te kampe het.

In munisipale taal is 'n **presedent** 'n administratiewe handeling wat deur 'n vorige Raad gemagtig is vir redes wat in baie gevalle slegs aan hulle bekend is. Na verloop van tyd is dit onmoontlik om te bepaal waarom daar toentertyd gestem is soos daar wel gestem is. Daar is gewoonlik geen ten volle gemotiveerde argument beskikbaar aan die hand waarvan die saak beoordeel kan word nie, en, ten regte of ten onregte, kry 'n mens die gevoel dat latere Rade nie deur die presedent wat geskep is, behoort gebind te word nie. Die waarde van 'n presedent lê in die bindende krag wat dit op administratiewe vlak het. Dit skep 'n status quo wat gehandhaaf moet word, maar die bruikbaarheid daarvan neem, na my mening, af wanneer omstandighede verander en by die neem van besluite behoort die waarde daarvan in die lig van nuwe ontwikkelinge in heroorweging geneem te word. Ons kry egter nog dikwels besluite wat onderhewig is aan die voorbehoud dat hulle nie as presedente beskou moet word nie. Die waarde van so 'n besluit is egter twyfelagtig.

Die posisie met betrekking tot besluite en aanbevelings wat in **beginsel** geneem of goedgekeur word, is vaag, want as die beginsel nie ten uitvoer gebring word nie, is daar geen bindende besluit nie. Dit volg vanself dat die saak nie verder gevoer kan word nie en dat die hele prosedure klaarblyklik op 'n verkwisting van tyd neerkom. Aan die ander hand, indien die beginselbesluit te eniger tyd gevolg word deur 'n besluit om handelend op te tree, dan word die beginsel aanvaar as die beleid van die Raad en kan dit beskou word dat dit die Raad gedurende sy hele amptstermyn bind. In sulke gevalle kom dit dus voor dat 'n beginselbesluit die helfte van



halfway to a policy, and is adopted to give councillors more time to reflect on a matter, and in this respect as previously, is a delay.

Questions of **Policy** are the main spring of municipal affairs which have often to be wound up to keep the municipal organisations on the right lines.

Avoiding the general aspects of the matter, my remarks in this respect are confined to the policies of electricity departments. Very often policy is decided by the ratepayers who elect councillors to give effect to what is local policy at the time of the elections. On other occasions, policy to meet changing circumstances has to be determined by the council in office, and this may be ratified by the ratepayers at a subsequent election. At all events policy making is the prime duty of a councillor individually and of the Council as a whole and the action of taking a policy decision can be regarded as a sound appreciation based on full and reliable information appertaining to any particular problem or difficulty. The municipal ramifications are wide. Councillors cannot in the time at their disposal give consideration to all aspects of a particular matter. To ensure a proper division of labour among the councillors, the committee system is instituted wherein policy is formulated for submission to the full council for final decision. This system to give effect to the wishes of the ratepayers is correct.

Summing up, my general feeling is when matters involving precedents and principles are brought up for discussion, the issues should be resolved, as is policy, on the merits of the case presented.

#### DELEGATION OF POWERS

In the larger municipalities, and maybe the smaller organisations as well, a tremendous amount of detail work is submitted to the council for decision and authorisation; on occasions urgent movement is held up pending the regular council meeting, and often a number of minor matters within the framework of previous policy decisions come up for ratification and confirmation. Councillors observing the scene have pondered on these matters and suggested delegation of powers to committees, to dispose of routine matters at present requiring Council authorisation. Some have gone further and proposed one committee to manage the affairs of the Council. Obviously under this committee system of delegated powers the individual councillor is deprived of his limited authority. He is prevented from voting on a committee even though he attends the meeting, and he is denied the opportunity of influencing proposals on policy at the formative stage and in-

die pad na 'n beleid is en dat dit geneem word om die lede meer tyd te gun om oor die saak na te dink. In hierdie opsig kom dit dus op 'n vertraging van die sak te staan.

Sake van **beleid** is die vernameste dryfveer van munisipale aangeleenthede, en dit is dikwels nodig om hierdie veer styf op te wen teneinde die munisipale organisasie op die regte spoor te hou.

Ek sal die algemene aspekte van hierdie saak links laat lê en myself by die beleidsake van elektrisiteitsdepartemente bepaal. Die beleid word dikwels neergelê deur die belastingbetalers, wat Raadslede verkies om uitvoering te gee aan wat ten tye van die verkiesing as plaaslike beleid beskou kan word. By ander geleenthede moet die Raad wat dan diens doen, die beleid bepaal om veranderende omstandighede die hoof te bied, en hierdie beleid kan dan by latere verkiesings deur die belastingbetalers goedgekeur word. In ieder geval is beleidsbepaling die mees verneme plig van die Raadslid as individu en van die Raad as 'n geheel, en die neem van 'n beleidsbesluit kan beskou word as 'n gesonde waardebeoordeling, gegrond op volledige en betroubare inligting aangaande enige besondere probleem of situasie. Die vertakkinge van die munisipale organisasie is baie wyd en daar kan nie van 'n Raadslid verwag word om, in die tyd tot sy beskikking, al die aspekte van 'n besondere aangeleentheid in oorweging te neem nie. Teneinde 'n doeltreffende arbeidsverdeling tussen die Raadslede te verseker, is die komiteestelsel ingestel, ingevolge waarvan daar voorlopige beleidsformulering plaasvind, wat daarna vir finale beslissing aan die Raad voorgelê word. Hierdie stelsel is na my mening die korrekte manier om aan die wense van die belastingbetalers uitvoering te gee.

By wyse van opsomming is ek oor die algemeen die mening toegedaan dat, wanneer sake waarby presidente en beginsels betrokke is, vir oorweging voorgelê word, die vraagstukke wat hulself voordoen, suiwer volgens meriete behandel behoort te word, net soos wat met beleidsake die geval is.

#### DELEGASIE VAN BEVOEGDHED E

By groter munisipaliteite, en heel waarskynlik by kleiner organisasies ook, word daar 'n geweldige hoeveelheid detail aan die Raad voorgelê vir beslissing en magtiging, by geleentheid word dringende werksaamhede vertraag omdat die Raad se beslissing afgewag word en dikwels word daar 'n groot aantal minder belangrike sake, wat almal binne die raamwerk van vorige beleidsbeslissings van die Raad val, vir goedkeuring of bekragtiging aan die Raad voorgelê. Raadslede wat hierdie toedrag van sake by herhaling waargeneem het, het daaroor begin nadink en het aan die hand gedoen dat sekere bevoegdhede aan komitees gedelegeer word, sodat hulle in staat sal wees om sake af te handel wat tans aan die Raad se magtiging onderworpe is. Sommige van hulle het veel verder gegaan en voorgestel dat slegs één komitee daargestel moet word om die Raad se sake te bestuur. Dit is duidelik dat die Raadslid se reeds beperkte magte onder hierdie stelsel van gedelegeerde bevoegdhede van 'n komitee nog verder ingekort sal word. Hy sal naamlik nie in 'n komitee stemreg hê nie, al woon hy ook die vergaderings van daardie komitee by, en die geleentheid om sy invloed uit te oefen op beleidsbeslissings in die vormingsstadium word hom ontse. Hy word dus veel meer 'n klages-agent as 'n doeltreffende Raadslid, en al wat daar vir

stead becomes an agent of complaint rather than an effective councillor, and he is left to endorse proposals on which he has to make reluctant and grudging concessions without regard to the true merit, in his opinion, of the issues involved.

Where the committee system is regarded as a division of work among the councillors, and the committees are considered as a specialised departmental organisation wherein the councillors and officials work together, the committee system has its greatest merit, as the atmosphere of the meeting tends to reduce the possibility of immature consideration, or hasty decision in respect of the department concerned and the Council as a whole, due to the fact that most councillors serve on more than one committee therefore council policy is well known and can be implemented.

This brings me to the point where delegation of the powers of the council to the committee could be considered. It is not suggested that a single committee consisting of three or five members should have delegated powers, leaving the balance of the councillors unrepresented on the working committee as this would tend to nullify the democratic principle of control by a body of elected representatives of the ratepayers and create the situation where a course of action repugnant to the balance of councillors could be taken and become irreversible and binding on the Council under the delegated powers.

What emerges from this and what is suggested is that delegated powers should be given to the various committees of the council to take action binding on the council where the committee sees fit and proper within the framework of policy. Such a course would speed up the municipal operations and lead to greater efficiency.

I might add that in the East London City Council certain matters of urgency have been ratified by the responsible committee by anticipating council sanction.

In conclusion, Mr. President, I must express my thanks to you and your executive for the courtesy extended to the Councillor representatives present, by including on the agenda of this convention an item of particular interest with which they are fully conversant, and therefore able to participate actively in the debate.

Previous conferences have always covered the electrical aspect of municipal undertakings, and while a few of us have been able to follow the papers and discussion, I am confident that a number of Councillors present have attended as an act of courtesy to their engineers. I trust that it will be possible at some future convention to include an item of particular interest to Councillors. This will eliminate the suggestion often expressed, that it is an unwarranted expense to allow councillors to attend these conventions.

hom oorby, is om sy goedkeuring te heg aan voorstelle ten aansien waarvan by teënsinniglik en wangunstiglik toegewings moet maak, sonder dat hy, na sy mening, die werklike meriete van die betrokke saak in oorweging kan neem.

Waar die komiteestelsel gesien word as 'n verdeling van werksaamhede tussen Raadslede en waar die komitees beskou word as 'n gespesialiseerde departementale organisasie waarin die Raadslede en die amptenare met mekaar saamwerk, daar het die komiteestelsel sy grootste waarde, omdat die atmosfeer van die vergadering in sulke gevalle die moontlikheid van onrype beraadslaging en oorhaastige beslissings ten opsigte van die betrokke departement en die Raad as 'n geheel, grootliks verminder. Die rede hiervoor is dat meeste Raadslede in meer as een komitee dien, met die gevolg dat die Raad se beleid goed bekend is en dus ten uitvoer gebring kan word.

Dit bring ons dan by die stadium waar die kwessie van die delegasie van die Raad se bevoegdhede aan die komitees in oënskyn geneem kan word. Daar word nie voorgestel dat 'n enkele komitee van drie of vyf lede met gedelegeerde bevoegdhede geklee moet word, terwyl die ander Raadslede sonder verteenwoordiging op die werkende komitee moet bly sit nie, aangesien dit die demokratiese beginsel van beheer deur 'n liggaam van verkose verteenwoordigers van die belastingbetalers ongedaan sal maak en 'n situasie kan skep waar daar 'n gedragslyn gevolg kan word wat die res van die Raadslede teen die bors stuit, dog wat, uit hoofde van die delegasie van bevoegdhede, onherroepbaar en vir die Raad bindend is.

Wat hieruit voortvloei en wat wel aan die hand gedoen word, is dat die verskillende komitees van die Raad met gedelegeerde bevoegdhede geklee moet word, sodat hulle, waar hulle dit binne die raamwerk van die Raad se beleid goed vind, stappe kan doen waardeur selfs die Raad gebonde sal wees. So 'n beleid sal die werksaamhede van die munisipaliteit bespoedig en groter doeltreffendheid in die hand werk.

Ek wil graag byvoeg dat, by die Stadsraad van Oos-Londen, sekere dringende sake reeds deur die verantwoordelike komitee afgehandel is, in afwagting van goedkeuring deur die Raad.

Ten slotte, Mnr. die President, wil ek u en u Bestuur graag van harte bedank vir die vriendelike gebaar teenoor die Raadslid-afgevaardigdes wat hier teenwoordig is, deurdat u in die sakelys van hierdie konvensie 'n item ingesluit het wat vir hulle van besondere belang is en waarmee hulle ten volle vertrou is, sodat hulle ook 'n aktiewe aandeel in die besprekinge kan neem.

By vorige kongresse het dit gewoonlik oor die elektrisiteits-aspekte van munisipale ondernemings gegaan, en, hoewel sommige van ons die referate en besprekinge wel kon volg, is ek daarvan oortuig dat baie Raadslede die kongresse slegs uit hoflikheid teenoor hul Ingenieurs bygewoon het. Ek vertrou dat dit ook by toekomstige kongresse moontlik sal wees om sake van besondere belang vir Raadslede in die sakelys in te sluit. Dit sal die mening wat soms gelug word, naamlik die bywoning van die kongresse deur Raadslede ongeregtigde uitgawes meebring, die nek inslaan.

# SOME ASPECTS OF STREETLIGHTING

by J. W. SMIT,  
Principal Scientist,  
South African Bureau of Standards

## 1. INTRODUCTION

An earlier paper<sup>1</sup> dealt in detail with the recommendations of the proposed SABS Code of Practice for Streetlighting. At the time the code was overseas for comment. It was in the interim period again reviewed by the technical committee and amended in accordance with suggestions received where appropriate.

The basic approach of the code however remains unchanged. It would therefore be sufficient to only recap the procedure of the code briefly, mention the major amendments and rather devote some space to a discussion of the methods used to present the photometric properties of a luminaire of which a clear understanding will greatly assist in the use of the code. In addition the results of tests on a recently completed installation are discussed and finally a section, which it is hoped will sufficiently stress the fact that good streetlighting is justified, is included.

## 2. PROCEDURE FOLLOWED IN THE CODE

The procedure adopted in the code may briefly be stated in the following steps:

- (1) The road is classified with the aid of a table as a freeway, trunk road, through road, etc.
- (2) The recommended values of road surface luminance, uniformity ratio, and type of luminaire, e.g. cut-off, semi cut-off, non cut-off, that should be used are found from the same table.
- (3) The minimum mounting height is found from a table of minimum recommended mounting heights.
- (4) The spacing required to produce the recommended values of luminance is then calculated from the luminous intensity distribution data of the luminaire and the luminous flux of the lamp.
- (5) Finally, a check is made to ensure that the uniformity ratio will conform to the recommendations of the code. Ideally the arrangement e.g. single sided, staggered, etc. should be chosen, as far as is practically possible, on the basis of best uniformity obtainable.

The foregoing procedure is repeated for each luminaire offered so that the final selection of the most suitable luminaire is made on a functional basis.

It is true that the method requires a greater effort on the part of the designer than the more widely used "recipe" me-

# ENKELE ASPEKTE VAN STRAATVERLICHTING

deur J. W. SMIT  
Hoof-wetenskaplike, Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde

## 1. INLEIDING

In 'n vroeëre verhandeling<sup>1</sup> het ek die aanbevelings van die voorgestelde Gebruikskode vir Straatverligting van die SABS in besonderhede behandel. Dié kode is destyds oorsê gestuur vir kommentaar. In die tussentyd is dit weer deur die tegniese komitee hersien en, waar nodig, gewysig in ooreenstemming met wenke wat ontvang is.

Die basiese benadering van die kode het egter onveranderd gebly. Dit is dus slegs nodig om kortliks die prosedure deur die kode beoog, uiteen te sit, die mees belangrike wysigings aan te stip en hiewers meer ruimte te wy aan 'n bespreking van die metodes wat gebruik word om die fotometriese eienskappe van 'n armatuur voor te stel, aangesien 'n dieptegrip hieromtrent groot hulp sal wees by die gebruik van die kode. Daarbenewens word die uitslae van die toetse wat op 'n onlangs-voltooidde installasie uitgevoer is, bespreek, en ten slotte is 'n hoofstuk bygevoeg waarin, na ek hoop, voldoende klem gelê word op die feit dat goeie straatverligting wel geregtig is.

## 2. PROSEDURE IN DIE KODE GEVOLG

Die prosedure wat deur die kode beoog word, kan kortliks soos volg opgesom word:-

- (1) Met behulp van 'n tabel word die betrokke pad as 'n snelweg, 'n hoofpad, 'n deurpad ens. geklassifiseer.
- (2) Met behulp van dieselfde tabel word die aanbevole waardes van die liggewendheid van die padoppervlakte, die eenvormigheidsverhouding en die tipe armatuur wat gebruik moet word (dws. afsny-, half-afsnij- of nie-afsnij) bepaal.
- (3) Die minimum-monteerhoogte word van 'n tabel van aanbevole monterhoogtes afgelees.
- (4) Die spasiering wat benodig word om die aanbevole ligwaardes te verkry, word dan met behulp van die lig-intensiteitsverspreidingsgegevens van die armatuur en die ligvloed van die lamp bepaal.
- (5) Laastens word gekontroleer of die eenvormigheidsverhouding aan die aanbevelings in die kode vervat, sal voldoen. By die keuse van die samestelling (dws. enkelsydig, verspringend ens.) behoort die oog sover moontlik op die grootste mate van uniformiteit wat beskikbaar is, gehou te word.

Dié prosedure word ten aansien van elke aangebode armatuur herhaal, met die gevolg dat die finale keuse van die mees geskikte armatuur op 'n funksionele grondslag geskied.

Dit is wáár dat hierdie metode groter inspanning vir die ontwerper meebring as die meer algemene "resep" — metodes

thods adopted by some other codes.


It offers ample refunds however. Firstly the method is dynamic — if widely used it must result in improvements of streetlighting equipment. Secondly it results in cost saving without sacrificing quality — an advantage which is well illustrated by the examples in the code. Finally it will lead to a better understanding of some of the problems in streetlighting by a wider range of people which will in turn assist development and progress.

### 3. MAJOR AMENDMENTS TO THE CODE SINCE CIRCULATION FOR COMMENT

A considerable number of small refinements were made to the code in view of comments received. It is not the purpose of this paper to detail them all.

Some of the more significant alterations are however listed below:

(a) **Spacing around a curve.** A graph (see Figure 1) showing the reduction of spacing around a curve has been included in the code. The recommendations do not differ materially from those given in the previous document but have merely been streamlined.



THIS GRAPH REPRESENTS THE FORMULA  $\frac{S}{R} = 1 - \frac{1}{10 \sqrt{\frac{R}{2840} + 0.1}}$

**FIGURE 1**

Graph for calculating the reduction in spacing around curves

Grafiek vir verminderde spasiering om draaie

wat deur sommige ander kodes voorgeskryf word, dog dit bied ruime voordele.

Eerstens is die metode dinamies van aard, en, indien dit algemeen gebruik word, moet dit noodwendig die verbetering van straatverligtingstoerusting tot gevolg hê. Tweedens bring dit kostebesparing mee sonder dat daar aan gehalte ingeboet word — hierdie voordeel word duidelik geïllustreer deur voorbeelde in die kode. Ten laaste sal dit lei tot 'n beter begrip van die probleme van straatverligting by baie meer mense, wat op sy beurt weer ontwikkeling en vooruitgang sal bevorder.

### 3. BELANGRIKSTE WYSIGINGE AAN DIE KODE SEDERT VRYSTELLING VIR KOMMENTAAR

'n Groot aantal kleinere verbeteringe is aan die kode aangebring in die lig van ontvangte kommentaar. Hulle word egter nie in hierdie verhandeling in detail behandel nie. Slegs enkele van die mees belangrike wysiginge word hieronder uiteengesit:-

(a) **Spasiering om 'n draai.** 'n Grafiek (Fig. 1) is in die kode ingesluit om die verminderde spasiering aan te toon. Die aanbevelinge verskil nie wesentlik van dié van die vorige dokument nie, dog is slegs enigins stroombelyn.

(b) **Table of recommended mounting heights.** In the original table the recommended mounting height was based on the total lumen output of the lamp. In the revised table (see Figure 2) the mounting height is dependent upon the peak intensity of the luminaire. Planning in accordance with the revised table should give a better consistency of glare limitation and road surface uniformity.

Fig. 2

**MINIMUM LUMINAIRE MOUNTING HEIGHTS**

Peak intensity candelas	Mounting height, min.*					
	Type of luminaire					
	Cut-Off ft. meter		Semi-cut-off ft. meter		Non-cut-off ft. meter	
Up to 1000	20	6.1	20	6.1	20	6.1
Over 1000 to 2000	25	7.6	25	7.6	25	7.6
Over 2000 to 4500	25	7.6	25	7.6	—	—
Over 4500 to 6000	30	9.2	30	9.2	—	—
Above 6000	30	9.2	35	10.7	—	—

\* These heights should be increased if the uniformity in a given installation is unacceptable.

(c) **Additional examples.** An additional example to illustrate how an existing installation can be modified to comply with the recommendations of the code, has been included. The arrangement and spacing are retained and the necessary improvement is brought about by using a different luminaire mounted at a different mounting height and overhang. The example illustrates how the required mounting height can be determined from the utilization data of the luminaire.

**4. THE PHOTOMETRIC PROPERTIES OF THE LUMINAIRE**

4.(1) **LUMINOUS INTENSITY DISTRIBUTION.** Luminous intensity in a given direction is formally defined as the luminous flux emitted by a source in an infinitesimal cone containing the given direction divided by the solid angle of that cone. The unit of luminous intensity is the candela (cd). The luminous intensity distribution of a luminaire is therefore the luminous intensity in a number of directions radiating from the optical centre of the luminaire — the higher the number of directions of known intensity the more complete the distribution information.

